# HOOFSTUK 4

## DIE IDEOLOGIE VAN DIE OSSEWA-BRANDWAG

*P. de Klerk*

### 4.1 Inleiding

Met die ideologie van die Ossewa-Brandwag word bedoel die geheel van beginsels en beskouings wat hierdie organisasie in die loop van sy bestaan aanvaar en verkondig het. Die term *ideologie* is ook dikwels deur die OB en sy ampsdraers self gebruik. So verwys J.A. Smith, adjunk-kommandant-generaal, byvoorbeeld in 'n amptelike verslag na die OB-koerant, *Die O.B.*, as die "draer van die ideologie van ons volksbeweging".[1]

Dit was veral op politieke terrein dat die Ossewa-Brandwag 'n belangrike rol gespeel het. Die OB wou egter steeds meer as net 'n politieke beweging wees en het homself gesien as 'n volksbeweging met omvattende oogmerke — politiek, ekonomies, maatskaplik en kultureel van aard — en wat die Afrikaanse nasionale strewe vertolk en beliggaam. "Die Ossewabrandwag is die kern en konsentrasie van die Afrikanerdom", het die hoofleier, dr. J.F.J. van Rensburg, by geleentheid gesê.[2]

Om die OB-ideologie in perspektief te sien, moet dit daarom beskou word teen die agtergrond van die Afrikaner se nasionale strewe en van die beskouinge wat 'n grondliggende rol daarin gespeel het. Die OB-ideologie moet ook gesien word binne die algemene denkklimaat van die dertiger- en veertigerjare binne die Westerse wêreld en veral teen die agtergrond van destydse dominerende Europese ideologieë. Terwyl die OB as Afrikaanse beweging sy ideologie gegrond het op die Afrikaanse denktradisie, sluit die OB, in die besondere wyse waarop dit sy ideale bewoord en motiveer, ook aan by belangrike ideologieë van sy tyd, in besonder die Fascisme en die Nasionaal-Sosialisme.[3]

Die ideologie van die Ossewa-Brandwag kom in die eerste plek na vore in sy konstitusie en amptelike manifeste en verklarings, en verder in brosjures wat deur die OB uitgereik is om sy beleid uiteen te sit[4], asook in toesprake van die kommandant-generaal, die adjunk-kommandant-generaal en ander ampsdraers, soos gerapporteer in *Die O.B.* Ook hoof- en ander artikels in die amptelike mondstuk van die OB kan as weergawes en uiteensettinge van die amptelike ideologie gesien word, hoewel in hierdie studie nie sonder meer dieselfde gewig daaraan toegeken sal word as aan verklarings wat direk van die OB en sy leiers kom nie.



Verskeie akademici het 'n belangrike aandeel gehad in die vorming, formulering en verduideliking van die OB-ideologie. Prof. L.J. du Plessis (1879-1968), 'n dosent aan die Potchefstroomse Universiteitskollege en 'n belangrike denker oor politieke en ekonomiese vraagstukke, was van 1942 tot 1946 beleidstudiehoof van die OB en verantwoordelik vir die organisasie van studielaers waarmee gepoog is om die intellektuele grondslag van die OB te verdiep en uit te brei. Dr. P.J. Meyer (1909-1984) was van 1943 as lid van die Grootraad met die studielaers belas en het later die ampte van voorligtingshoof en waarnemende arbeidsleier beklee. Hy het die OB-beleid in verskeie brosjures en artikels uiteengesit en gemotiveer. Meyer, wat sy doktorsgraad in die filosofie verwerf het, se publikasies toon 'n sterk wysgerige grondslag en oorspronklike denke. Prof. H.G. Stoker (geb. 1899) het nie 'n amptelike beleidmakende posisie in die OB beklee nie, maar was 'n belangrike intellektuele leier van die versetbeweging teen oorlogsdeelname en het in 1941 'n belangrike werk, *Die stryd om die ordes*, die lig laat sien waarin hy riglyne vir die Afrikaner in sy houding teenoor leidende ideologieë van die tyd probeer gee.[5]

Stoker, Du Plessis en Meyer sien al drie die Nasionaal-Sosialisme en die Fascisme as vergestalting van 'n nuwe wêreldorde. By Stoker staan die Calvinisme voorop, en hy meen dat die nuwe ideologieë waarheidsmomente het waarby die Calvinistiese Afrikaner kan aansluit om sy eie oogmerke te verwesenlik. Du Plessis aanvaar die nuwe orde in 'n groter mate en meen dat die Calvinis net 'n beperkte reformerende invloed daarop kan uitoefen. Meyer vereenselwig hom feitlik ten volle met die kenmerke van die nuwe orde, en dit kom vir hom ooreen met die ideale wat die Afrikaner nastreef. Al drie sien in die Ossewa-Brandwag die middel waardeur die Afrikaner hom kan voorberei vir die nuwe bedeling waarin hy dan sy nasionale aspirasies kan vervul. Wat betref die aard van die volkstaat wat in die nuwe orde tot stand behoort te kom, is daar in breë trekke ooreenstemming.

### 4.2 Doelstelling en grondslag

Die doelstelling van die OB kom in feitlik alle aspekte van sy ideologie na vore, maar aangesien in amptelike stukke meestal 'n kort samevat-

ting van die strewe en oogmerke gegee word, is dit gewens om ter aanvang hieraan aandag te gee. Hierdie oogmerke het nie deur die jare konstant gebly nie en het verskeie aksentverskuiwings ondergaan.

Die doelstelling wat by die stigting in Februarie 1939 geformuleer is (volgens A.J.H. van der Walt hoofsaaklik deur prof. H. v.d. M. Scholtz van die Universiteitskollege van die Oranje-Vrystaat)[6], was[7]

"1. Die bestendiging van die Ossewa- en Eeufeesgees in ons land.

2. Die handhawing, uitbouing en uitlewing van die taal en tradisies van die Boerenasie.

3. Die beskerming en bevordering van die godsdienstige, kulturele en materiële belange van die Afrikaner.

4. Die aankweking van vaderlandsliefde en nasietrots.

5. Die inskakeling en samesnoering van alle Afrikaners, manne sowel as vroue, wat hierdie doel onderskryf en gewillig is om hulle daarvoor kragdadig te beywer."

In Julie 1940 word op 'n vergadering van die Grootraad die doelstellings gewysig wat punte (1) en (4) betref, wat daarna soos volg lui:

"1. Die bestending van die gees van Christelike nasionalisme soos geopenbaar gedurende die Ossewa- en Eeufeesvierings in ons land en die uitbreiding van daardie Christelike nasionale idee oor alle terreine van ons volkslewe.

4. Die aanmoediging en aankweking van 'n magtige besef van vaderlandsliefde, nasietrots en vryheidsin by die Boerevolk.[8]

Hiermee kom die vryheidstrewe en daarmee die politieke doelstelling vir die eerste keer duidelik na vore.

In 'n verklaring van die Dagbestuur van die Grootraad, in Oktober 1940, na 'n samespreking met dr. D.F. Malan (leier van die Herenigde Nasionale Party) word die doelstelling van die Ossewa-Brandwag só geformuleer:



"a. Dat die hoofdoel en strewe van die Ossewa-Brandwag die voortplanting, beskerming en uitlewing van die Voortrekkerbeginsels en -ideale is, insluitende die godsdienstige, morele en ekonomiese opbou van ons volk.

b. Dat die Ossewa-Brandwag, onder andere, ook die vryheidsideaal van die Voortrekkers aanvaar, te wete die stigting van 'n vrye onafhanklike Christelike-Nasionale Republiek, en tegelykertyd die diepe begeerte van die Eeufeesjaar wil help verwesenlik, te wete die totstandbringing en die bevordering van 'n hegte, doelbewuste en blywende Afrikanervolkseenheid."[9]

Hier word die politieke strewe verder na vore gebring, hoewel nie spesifiek as oogmerk gestel nie, aangesien samewerking met die Herenigde Nasionale party, as liggaam wat self op politieke gebied namens die Afrikaner wou optree, nagestreef is.

Ondertussen (April 1940) het wel 'n pamflet verskyn waarin die OB sy siening gee van hoe die as ideaal gestelde republiek daar moet uitsien,[10] en wat in groot mate in die latere omsendbrief 1/41 beliggaam is. In dié omsendbrief word gesê dat die republiek ná sy godsdiens die hoogste ideaal is van die Afrikanerdom en dat die OB homself sien as draer van hierdie Afrikaneridee. Daaruit blyk dat dit vir die OB gegaan het om meer as 'n bepaalde staatsvorm. Naas bepalings oor die beoogde regeringstelsel word onder meer verklaar: "Die grootste nadruk moet gelê word op 'n doeltreffende dissiplinering van die volk. Die leiers moet volkome gehoorsaamheid en trou van die Afrikanerdom kan verwag solank hulle die staat of ander werksaamhede van volksbelang behartig ooreenkomstig die weg wat deur die Afrikanerdom self aangewys is en uit sy geskiedenis volg."[11] Daar word ook verwys na die noodsaaklikheid van 'n gesonde gesinslewe en van volksopvoeding, eweredige verspreiding van welvaart, arbeidsplig, gesondheidsorg ens. Dit gaan hier dus om 'n veel omvattender strewe as die daarstelling van 'n republikeinse staat; 'n heeltemal nuwe samelewing word in die vooruitsig gestel. Na sterk besware deur die Herenigde Nasionale Party is die omsendbrief teruggetrek en vervang met omsendbrief 2/41 waarin verskeie vroeëre bepalings ontbreek, maar sommiges, soos die oor die dissiplinering van die volk nog voorkom. Dit blyk reeds dat die OB in sy siening van sy eie strewe nou sterk beïnvloed is deur Europese ideologieë van daardie tyd.

Hierdie beïnvloeding kom duidelik na vore in 'n verklaring van Oktober 1941[12] nadat samewerking met die H.N.P. reeds misluk het. Die verkryging van 'n "vrye, onafhanklike republiek, onafhanklik van alle buitelandse magte en gegrond op die Christelik-Nasionale lewensbeskouing van die Afrikanervolk" word nou as die "vernaamste doel en strewe" van die OB gestel, en ter bereiking van dié doel word as vereistes gesien dissiplinering en inwendige konsolidasie of geestelike opbou van die volk, asook samesnoering van alle Afrikaners "op grondslag van hul gemeenskaplike oorsprong en tradisies."[13]

Die OB sien homself nou as 'n volksbeweging wat as deel van 'n algemene wêreldbeweging, 'n omwenteling — wat hier veral as 'n geestelike omwenteling aangedui word — moet bewerkstellig.[14] In die manifes van die Grootraad, uitgereik in April 1942, kom hierdie siening nog sterker na vore en word van die "herskepping van die grondslae en instellinge" van die "staatkundige en sosiale struktuur" van die Europese mensdom, waaronder die Afrikaner gereken word, gepraat. Hierdie herskepping moet in Suid-Afrika geskied "op die basis van die Christeliknasionale Republikeinse Gesagstaat daargestel deur die Volk". Wat beoog word, word nou dus genoem 'n gesagstaat "met sterke beklemtoning van die sosiale aspekte, gedra deur die bewussyn van 'Volksbelang voor Eiebelang', heg saamgesnoer deur dissipline, vriendskaplikheid teenoor andere volkere van gelyksoortige gesindheid.[15]

Oor die wyse waarop die OB sy omvattende samelewingsideaal sou moet verwesenlik, is daar nie baie duidelike uitsprake gegee nie. Daar is in die algemeen aanvaar dat 'n nuwe orde sal kom en dat dit dan aan die OB die geleentheid sal bied om sy oogmerke te bereik. "Ons glo in die ineenstorting van die demokrasie met sy geldmag en ons glo in die republiek wat kom. 'n Republiek wat rekening hou met die sosialisme wat oor die hele wêreld kom, die Christelik-nasionale gesagstaat nasionaal en sosiaal van aard."[16] Tog word ook melding gemaak van gewapende optrede. In die voorwoord tot 'n kort lewensbeskrywing van kommandant-generaal van Rensburg word verklaar: "Die slaweband van sy volk het hy self deurleef en daarom is hy ook die beste toegerus om die wapens vir die vernietiging daarvan deur 'n eenheidsaksie te smee."[17] Van Rensburg self het die OB by geleentheid genoem "die gemobiliseerde Afrikanerdom"[18] en die enigste beweging wat "in sy mentaliteit en daadkrag radikaal genoeg, rewolusionêr genoeg is om vir die Arikanervolk 'n brug te slaan uit die ondergaande kapitalistiese bedeling na die komende sosialistiese bedeling."[19] Dit is duidelik dat die OB sy ideaal langs 'n rewolusionêre weg wou verwesenlik en dat hy geglo het dat wêreldomstandighede sodanig sou verloop dat hy die mag in Suid-Afrika sou kan oorneem.



In die jare ná die oorlog het dit duidelik geword dat die wêreldomstandighede nie in die guns van die OB verloop het nie en dat die ideaal van 'n omvattende samelewingsherskepping nie meer verwesenlik kon word nie. Daarom het die OB sy doelstelling nou weer op 'n ander wyse bewoord. In 1950 is 'n manifes deur die Uitvoerende Raad van die Grootraad uitgegee waarin vermeld word: "Die historiese taak wat in Suid-Afrika verrig moet word, is die opbouing van een Afrikanervolk met een trou. Hierdie volk sal sowel die Afrikaanssprekende as die Engelssprekende blankes omvat en het as bestemming die vrye republiek van Suid-Afrika". Hierdie republiek moet 'n partylose volkstaat wees, met aan die hoof 'n president wat met gesag kan regeer. In 'n verklaring van 1952 deur prof. D.J. van Rooy, voorsitter van die Grootraad,[20] word onder meer gesê: "Ons beskou ons huidige staatstelsel as uitheems, vreemd aan ons volksaard en tradisie en derhalwe vir ons verwerplik. Ons strewe is om dit te vervang deur 'n eie inheemse stelsel ooreenkomstig ons Christelik-nasionale republikeinse rigting." Die OB stel hom nou ten doel om 'n onafhanklike republikeinse blad uit te gee en homself uit te bou tot 'n omvattende republikeinse volksbeweging, wat hom sal beywer vir hervormings in die staatstelsel (dus nou geen rewolusionêre omverwerping meer nie). In sy laaste fase (tot ontbinding in 1954) het die OB nog 'n beweging met hoofsaaklik politieke oogmerke gebly en is die verkryging van 'n partylose volkstaat nog as ideaal gestel, maar nie meer 'n hele nuwe samelewingsorde nie.

Dit blyk dus dat die doelstellings en strewe van die OB soos wat die organisasie ontwikkel en verander het, ook heelwat verandering ondergaan het. Dit het reeds 'n sterk Afrikaanse nasionale strewe gehad, maar waar dit eers beperkte kulturele en ekonomiese oogmerke wou verwesenlik, het later die stigting van 'n republiek en uiteindelik die verwesenliking van 'n hele nuwe samelewingsvorm vir die Afrikaner vooropgestaan. Dit is veral in hierdie periode, wat die jare 1941-1948 behels, dat van 'n omvattende OB-ideologie gepraat kan word. In die vroeë vyftigerjare is die politieke ideaal nog behou (al is dit nie meer in heeltemal dieselfde vorm as in 1941 nie), maar het ander aspekte meer op die agtergrond geraak.

In die konstitusie (soos in 1939 geformuleer) word nie van 'n grondslag melding gemaak nie en "die bestendiging van die gees van Christelike nasionalisme" as eerste oogmerk gestel. In die brosjure *Die Ossewa-Brandwag: Vanwaar en waarheen?* word verklaar dat die OB as "grondgedagtes" aanvaar: een God (dus Christelik), een volk (dus nasionaal) en een vaderland (dus republikeins). Dit kom ooreen met die OB-leuse: My God, my volk, my land, Suid-Afrika". In dieselfde werkie word as rigsnoere van die Christelik-nasionale lewensopvatting wat die OB huldig, genoem: "eerstens wat die Woord van God leer en tweedens wat die volksverlede leer."[21] Van Rensburg het by geleentheid verklaar dat die OB se Christelike Nasionalisme net soos die Fascisme van Italië en die Nasionaal-Sosialisme van Duitsland die uiting is van 'n nuwe gees van volksbelang wat in elke land op sy eie wyse na vore kom.[22] J.A. Smith het die grondslag van die OB soms as nasionaal-Christelik in plaas van Christelik-nasionaal aangedui.[23] Die term "Christelik-nasionaal" is nêrens in die OB-stukke diepgaande verduidelik nie, en dit bly in sy gebruik deur die OB betreklik vaag en selfs dubbelsinnig. Dit lyk of die OB die term in aansluiting by die algemene gebruik daarvan onder Afrikaners, wat al sedert die vroeë twintigste eeu voorkom, toepas en dat dit nie 'n besondere rol in die ideologie speel nie. In die algemeen word daarmee uitgedruk dat die OB homself as 'n Christelike organisasie beskou en daarin aansluit by die Christelike karakter van die Afrikaanse volk en dat ook sy nasionale strewe deur sy Christelike uitgangspunt bepaal word. In die volgende afdelings word verder nagegaan in hoeverre die OB se ideologie 'n Christelike karakter dra.

### 4.3 Volks- en rassebeskouing

In die OB-ideologie staan die idee van die Afrikanervolk as organiese eenheid sentraal. Die volk word — in lyn met die Calvinistiese idee van soewereiniteit in eie kring — nie gesien as 'n totaalverband wat die enkelinge en groepe wat lid daarvan is, volledig omvat nie. Aan die ander kant word ook die leuse "volksbelang voor eiebelang" dikwels gebruik, en dit impliseer die prioriteit van die volk bo die individu; laasgenoemde is weer in ooreenstemming met die neo-Fichteaanse beskouing soos deur Diederichs gestel. Oor hierdie saak spreek die OB hom nie verder in amptelike stukke uit nie. Die volk staan egter steeds in die sentrum van die OB-ideolgoie, soos ook verder sal blyk.

Die volk word verder omskryf as in sy diepste wese 'n skepping van God wat in die geskiedenis tot stand kom "waar 'n groep mense as bloedverwante met 'n gemeenskaplike afkoms saamlewe, een grondgebied beset as hulle land, saam geskiedenis maak en 'n eie staat selfstandig in die lewe roep en in stand hou." Maar omdat die volk 'n groeiende eenheid is, is hy ook in staat om homself algaande uit te brei, nie net deur voortplanting nie, maar ook deur inlywing van vreemdelinge wat met hom saamwoon, saamlewe en saamwerk, en wat daardeur stadigaan in sy eenheid opgeneem word, deur ondertrouing en verdere assimilasie.[24]

Nie alle vreemdelinge is assimileerbaar nie: "Wat nie geassimileer kan word nie, word verwerp."[25] So is die gekleurdes onassimileerbaar in die Afrikanervolk, omdat die Afrikaner nog altyd sterk gesteld was op bloedsuiwerheid. "Bloedsuiwerheid was vir hom hoogste eer en roeping — 'n saak van volksfierheid, en bloedvermenging met nie-blanke rasse 'n gruwel en 'n skande."[26] Die opvatting dat die Afrikaner, as lid van die blanke ras, meerderwaardig bo die nie-blanke is en dat bloedvermenging sal lei tot verswakking van die blanke, kom in sommige OB-publikasies na vore. In 'n Dienslaerstuk[27] word byvoorbeeld verklaar dat wanneer bloedvermenging tussen die lede van die meerderwaardige Europese en die minderwaardige Negroïde-ras plaasvind, 'n baster ontstaan wat geestelik en liggaamlik minderwaardig is ten opsigte van die blanke ras. Van Rensburg, soos blyk uit sy toesprake en publikasies,[28] het ook groot waarde geheg aan die rassesuiwerheid van die Afrikaner.

Dat die nie-blanke tot 'n minderwaardige ras behoort, word egter nie in amptelike stukke as OB-standpunt gestel nie, en ook was die OB se siening nie dat die nie-blanke steeds 'n minderwaardige en ondergeskikte rol in Suid-Afrika moet speel nie. In *Die Ossewa-Brandwag: vanwaar en waarheen?* word as beleidspunt gestel: "Aanvaarding van die beginsel van voorheerskappy van die blanke ras in Suid-Afrika en die ontwikkeling van die inboorlingrasse ooreenkomstig hul aanleg, volksaard en roeping."[29] In 'n merkwaardige studiestuk oor naturellebeleid, opgestel hoofsaaklik in 'n studielaer onder leiding van prof. G. Cronjé en in Maart 1943 in beginsel deur die Grootraad goedgekeur, [30] word 'n beleid van territoriale segregasie bepleit maar word daarop gewys dat van die beste dele van Suidelike Afrika dan vir die Bantoe gegee sal moet word, waardeur die uitbreidingsmoontlikhede van die blanke bedreig sal word. 'n Beleid moet gevolg word wat daarmee rekening hou dat Afrika in die toekoms 'n groot blanke bevolking sal moet dra en dat die blankes hoofsaaklik in suidelike Afrika met sy gematigde beleid 'n tuiste sal moet vind. Daarom moet die nie-blanke veral gevestig

word in dié dele van Suidelike Afrika waar die Europese ras nié, maar die Negroïde-ras wel kan bestaan. Alle state en moondhede wat te make het met die rassevraagstuk in Afrika, moet daarom saamwerk om dié probleme op te los. Daar word ook daarvoor gepleit dat die Bantoe in 'n paar groot gebiede volgens etniese groepering gevestig word en dat hy onder voogdyskap van die blankes moet ontwikkel, "omdat die naturelle as onmondiges self nie weet wat goed vir hulle is nie." Die stamstelsel moet herstel word en die naturel "voorberei word vir konstruktiewe deelname aan die gemeenskapslewe". Die OB sien dit as die taak en roeping van die Afrikaner om die Bantoe te evangeliseer. Dit moet onder leiding van die Afrikanerkerke en onder beskerming van die (toekoms-)staat geskied. Ook vir die Kleurlinge en Indiërs (indien laasgenoemde groep nie gerepatrieer kan word nie), word segregasie in aparte gebiede voorgestaan. 'n Oorgangstyd in die uitvoering van die beleid word voorsien, waartydens die blanke hom sal moet reoriënteer en geleidelik al minder met nie-blanke arbeid klaarkom.[31]

In die samevatting van beleidsbeginsels deur prof. L.J. du Plessis[32] word die kern van hierdie siening gestel, maar in die gepubliseerde beleidsformulering van die Grootraad, in November 1943, word slegs verklaar: "Nie-blankes word mettertyd uitgeskei uit blanke gebiede met die oog op rassesuiwerheid en rasegte ontwikkeling van alle elemente. Alles egter, met behoorlike inagneming van arbeidsvereistes."[33] In 'n brosjure van 1946[34] word geskryf dat die OB nie ten gunste is van onderdrukking of uitroeiing van die nie-blanke nie. "Ons voel dat die naturel oor die algemeen besonder ordentlik en vredeliewend leef onder dikwels sware omstandighede... omstandighede wat ons verbeter wil sien. Maar die Ossewa-Brandwag is oortuig dat selfbehoud die eerste wet van die natuur is en dat die behoud van die ras die eerste aanspraak op ons rassetrou het." In 'n artikelreeks onder sy eie naam gedurende 1948[35] bepleit N.G.S. van der Walt (die redakteur van *Die O.B.)* dat die blanke hom eerlik moet beywer vir die opheffing van die naturel en hom nie net as bron van arbeid moet sien nie.

OB-leiers soos G. Cronjé en L.J. du Plessis het reeds tydens die oorlogsjare ernstig besin oor die naturellevraagstuk en belangrike aspekte van die latere apartheidsbeleid na vore gebring. Hulle het egter nog nie voorsien nie (en kon eintlik ook nie) dat die nie-blanke 'n magsfaktor sou word wat uiteindelik 'n groter bedreiging vir die toekomsideale en selfs die voortbestaan van die Afrikaner in Afrika sou word as die Britse imperialisme wat hul as die groot teenstander gesien het. In die perspek-



tief wat ons eietydsomstandighede bied, lyk hul idees van verskuiwing van die Bantoe na tropiese gebiede en totale skeiding van rasse, ook op ekonomiese gebied, baie onrealisties. Na die oolog is daar tog deur OB-leiers besef dat wêreldwye verskuiwing van mag ten gunste van die nie-blanke in aantog was en dat dit nuwe probleme en uitdagings aan die Afrikaner sou stel.

Hoewel die blanke, soos hierbo gesien, in sommige stukke as 'n meerderwaardige ras beskou word, is daar nêrens sprake daarvan dat die OB die Afrikaner as superieur ten opsigte van ander blankes gesien het nie — soos wat die Duitse Nasionaal-Sosialiste hulself wel beskou het. Ook anti-Semitisme, soos onder die Duitsers, was by die OB nie sterk aanwesig nie. Die Jode is wel vereenselwig met die kapitalisme, en daar word dikwels verwys na die "Brits-Joodse kapitalisme"[36] in Suid-Afrika, terwyl Van Rensburg selfs na die Kommunisme verwys as 'n "Joodse wangedrog."[37] Verder word die Jode ook as onassimileerbaar in die Afrikanervolk beskou,[38] en in 'n Dienslaerstuk word verklaar: "Hoewel die vermenging van die Afrikaner met Jodebloed suiwer liggaamlik waarskynlik nie juis 'n swakker produk lewer nie, sal geen Afrikaner, wat enigsins 'n oog vir die werklikheid en 'n mate van rassetrots besit, die ondertrouing van Afrikaners en Jode goedkeur nie, eenvoudig omdat die geestes- en lewenshouding van die Jood anders is as dié van die Europeaan. Die Joodse ras is nie 'n Europese ras nie. Die Jode is 'n produk van die vermenging van Voor-Asiatiese rasse met Semitiese volke en dra gevolglik hul eie besondere raseienskappe."[39] Volgens dié stuk het die Jode daarby ook 'n "onnasionale merkantilistiese gees" en ken nie so iets soos vaderlandsliefde nie.

Volgens 'n ongepubliseerde beleidstuk[40] moet in die toekomstige volkstaat bloedvermenging van Jode met lede van die blanke Europese ras verbied word. 'n Beroepskwotastelsel moet die toelating van Jode tot beroepe in ooreenstemming bring met hul bevolkingsgetal in verhouding tot die totale bevolking.[41] Op uitroeiing van die Joodse ras, soos Hitler probeer doen het, word egter nêrens aangedring nie. Trouens, in bogenoemde stuk word gemeen dat as 'n nasionale tuiste vir die Jode geskep is, hul daarheen verskuif moet word. In *Die O.B.* kom ook feitlik geen anti-Joodse propaganda voor nie. Dit is nie verbasend nie, want redakteur N.G.S. van der Walt was van mening dat op die Jode 'n besondere seën rus en hulle nie ongestraf vervolg mag word nie.[42] Volgens hom was Van Rensburg geskok oor wat na afloop van die oorlog oor die Hitler-bewind se maatreëls teen die Jode verneem is.[43]

Die Engelssprekende blankes word nie deur die OB as onassimileerbaar in die Afrikanervolk gesien nie. Reeds in 'n toespraak in Januarie 1941,[44]direk na sy aanvaarding van die kommandant-generaalskap, verklaar Van Rensburg dat die OB wel teen die Britse imperialisme gekant is, maar nie teen die Engelssprekendes van Suid-Afrika nie, behalwe as hulle die belange van die Britse Ryk bo Suid-Afrika stel. Hy meen dat "Afrikaner-patriotism can be as much a right and a duty of the English-speaking Afrikaner as it is of ours."[45] Die gedagte dat Engelssprekendes ook Afrikaners kan wees, beteken vir Van Rensburg nie noodwendig dat hulle eers hul eie taal en kultuur moet verruil vir dié van die Afrikaner nie. Hy is ten gunste van genl. Hertzog se beleid van twee strome, "elkeen met sy eie regte en kultuur; maar met dieselfde plig om hierdie land bo ander lande lief te hê en te dien."[46] Die getrouheid aan die gemeenskaplike vaderland is die eintlike toetssteen vir Afrikanerskap.[47] Ook nog in 1950 word as amptelike beleid gestel: "Die historiese taak wat in Suid-Afrika verrig moet word, is die opbouing van een Afrikanervolk met een trou. Hierdie volk sal sowel die Afrikaanssprekende as die Engelssprekende blankes omvat en het as bestemming die vrye republiek van Suid-Afrika."[48]

Hierdie siening rym egter nie met die beskouing dat die taal die "uitdrukkingsmiddel van die volksiel" is,[49] en dat 'n volk in alle opsigte 'n organiese en kulturele eenheid moet wees nie.[50] In 'n hoofartikel in *Die O.B.*[51] word, met verwysing na die beleid van die HNP, die idee van Afrikaners en Engelse in Suid-Afrika as 'n Siamese tweeling verwerp, en word verklaar dat die Engelssprekendes se lewensopvatting te veel van die van die Afrikaner verskil, sodat " as ons feesvier, hulle wil huil en as ons kerk toe gaan, hulle sportvelde toe gaan... Ons standpunt moet wees dat die Engelse in ons land brokstukke van 'n oorsese nasie is, en dat hulle geen gelyke regte as 'n nasionale groep toegesê kan word nie... Maar as enkelinge word van hulle verwag om hulle gewig by die Boerevolk in te gooi soos die Kestellls, die Frasers en ander Engelse in die dae van die republiek gedoen het." Die gedagte dat die Engelssprekende eers moet verafrikaans, en daarmee die "liberalistiese" beskouing wat die OB so sterk teenstaan, eers moet aflê, alvorens hy ook Afrikaner kan wees, kom voor naas die siening dat die Engelssprekendes met hul eie taal en kultuur as Afrikaners en deelhebbers aan die Afrikanervolkstaat aanvaar moet word. Die OB-standpunt oor hierdie vraagstuk is daarom dubbelsinnig.

Aan die begin van hierdie onderafdeling is reeds aangedui dat die OB



volkskap sien as iets wat deur bloedbande, grondgebied en historiese ontwikkeling bepaal word. Volkskap word egter ook in OB-stukke gesien as 'n sedelike verpligting vir volkslede:[52] Onder die organiese eenheid van die Afrikanervolk verstaan die Ossewa-Brandwag dan iets wat onder die Goddelike bestel histories gegroei het, maar omdat dit 'n geestelike eenheid is, moet dit ook bewus uitgeleef word "om tot volle ontplooiing te geraak".[53] Die volkslid moet "sy lewe in diens stel ook van sy volk en sy volksgenoot,[54] en so kan die volkslewe "eindelik weer word, soos God dit bedoel het om te wees, 'n saamlewing volgens vaste plan op 'n vaste doel af, waarin elke lid sy heil daarin sal vind dat hy volgens eie aard sy eie bestemming verwesenlik, maar ook sy bepaalde deel bydra tot die welsyn van die ander en van die geheel."[55] Die volk moet word "'n lewende gesagseenheid waarvan die gesin die kiem vorm, dus een groot gemeenskap waarin elkeen vir almal en almal vir elkeen sorg."[56] Die sosiale strewe van die OB, wat in 'n volgende onderafdeling nader beskou word, kan dus as 'n uitvloeisel van sy volksbegrip gesien word.

## 4.4 Geskiedbeskouing

Dat die volk die sentrale plek in die OB-ideologie inneem, blyk veral duidelik in sy geskiedbeskouing. Die kernelemente van hierdie beskouing word in die Grootraadmanifes van 1942 gestel:

"1. Die Groot Trek van honderd jaar gelede was die geboorte van die Afrikanervolk. 'n Trek weg van die Empire, na die eie Republiek, wat later weer deur die Empire vernietig is.

2. Honderd jaar later het die Tweede Trek begin. Gesimboliseer deur die Ossewatrek van 1938 het die Afrikaner-siel aanskoulik geword en het die innerlike losmaking van die Empire gekom.

3. Hierdie losmaking het vorm gekry in die Ossewa-Brandwag, gebore uit die Ossewatrek van 1938, die geswore soldate van die Republiek wat oortuig is dat hierdie Tweede Trek onverbiddelik gaan kulmineer in die onafhanklike Republiek..."

Die Ossewa-Brandwag sien dus die hele Afrikanergeskiedenis as beheers deur die stryd teen die Britse Ryk, en meen dat die Britte ook die liberalistiese lewensbeskouing en kapitalistiese stelsel na Suid-Afrika

gebring en die Afrikaner reeds in sy tydperk van jeuggroei belemmer het,[57] "Maar die volksgees in Suid-Afrika was reeds sover gegroei en bestendig dat dit in verset geraak het",[58] eerstens met die stigting van die Graaff-Reinetse en Swellendamse republieke en daarna met die Slagtersnekepisode. "Toe onderhandelinge nie wou baat en wapengeweld nie kon slaag nie, het die bewuste Afrikanergees homself in beweging gestel en die uitingsvorm aangeneem van 'n Volkstrek: 'n geloofsdaad en waagdaad na 'n eie Vaderland en die Vryheid."[59]

In die Boererepublieke kon die Afrikaners volgens hul eie gees en lewenshouding lewe in hul eie state "op Christelike grondslag, nasionaal en tewens sosiaal van aard."[60] Die ideale wat die OB vir sy toekomsstaat gehuldig het, word hier beslis in die geskiedenis van die republieke ingelees. Hoewel die OB dikwels verklaar het dat hy die Boererepublieke as model vir die toekomsstaat neem, is die omgekeerde ook in 'n belangrike mate waar, naamlik dat die toekomsideaal as model vir die siening van die republieke geneem word. So word beweer dat die republieke van Kruger en Steyn "in hul onvervalste kern gesagstate" was wat nie gekenmerk was deur die "Liberalistiese parlementarisme en partystelsel" nie en dat Kruger en Steyn elk die hoof van die ongeorganiseerde volksbeweging in sy tyd was.[61] Oor die probleem of die Boererepublieke werklik partyloos was, het 'n polemiek tussen *Die O.B.* en *Die Burger* ontstaan.[62] Onder die opskrif "Voortrekkers het sosialisme beoefen in Republieke" rapporteer *Die O.B.*[63] 'n toespraak van J.A. Smith waarin hy die "sosiale gees" of "helpmekaargedagte" onder die Voortrekkers beklemtoon.

Met die vestiging van die republieke was die stryd teen Britse imperialisme nog nie verby nie. Gedurende die Eerste Vryheidsoorlog moes die Transvalers weer om hul vryheid veg, maar by Amajuba het hulle 'n magtige oorwinning oor die vyand behaal. Amajuba is deur die OB as simbool van die oorwinning waarna hy self streef, gebruik, en die plaas waarop die slag plaasgevind het, is aangekoop en as feesterrein gebruik. Amajubadag is jaarliks op 27 Februarie gevier. "Op 27 Februarie, dit is op Vryheidsdag, sal die Boerevolk optrek na die berg om ons volk se oorwinning oor een van die magtigste wêreldryke te vier en terselfdertyd die grondslag te lê vir ons toekomstige oorwinning."[64] By die viering van 1942 is 'n gelofte afgelê waarin die OB die taak aanvaar om die vryheid van die Afrikanervolk te herower. Deur sy viering van Amajubadag, naas die tradisionele Afrikaanse historiese feesdae, Geloftedag en Heldedag, lê die OB groter nadruk op die rol van stryd



en oorwinning in die Afrikanergeskiedenis; hierdie feesdag pas ook goed by die OB se militêre inslag en organisasiepatroon.

Tog het die republieke uiteindelik hul onafhanklikheid verloor: "Die ontdekking van goud en diamante in die vrye republieke het die materialistiese handlanger van die Britse liberalisme sy begerige oë op die grondgebied van die twee republieke laat slaan en na 'n magtige worstelstryd is die vryheid te Vereeniging prysgegee."[65] Hiermee is die eerste fase in die geskiedenis afgesluit en het die tweede fase begin, wat in baie opsigte 'n herhaling was van die eerste. Weer eens is die Afrikaner "ekonomies en geestelik verkneg",[66] en het die Afrikanergees hierteen in verset gekom. Die eerste poging, die Rebellie van 1914, het misluk, maar in 1938 kom die tweede trek, 'n geestelike trek of volksontwaking, "'n innerlike losmaking van die Empire af".[67] Dit het gebeur deurdat eenvoudige manne die inspirasie gekry het "om die simbool van die Eerste Trek, die ossewa, deur die lengte van ons land te laat loop. En toe gebeur daar iets wat Suid-Afrika tot op sy fondamente sou skud en tot in die buiteland reperkussies sou hê. Soos 'n moeder haar suigeling ken, so het die volk van Suid-Afrika die ossewa herken as die simbool van alles wat sy eie en hom dierbaar is, sinnebeeldige draer van sy kultuur, sy tradisies, sy godsdiens, sy vryheidsdrang, sy nasieskap."[68]

Die volksontwaking het sy beslag gekry in die Ossewa-Brandwag: "Wat bedoel was om slegs 'n heerlike volksdemonstrasie te wees, het oorgegaan in 'n magtige volksbeweging. As vrug van die volk se toegewyde aanraking met die volksverlede het die Ossewa-Brandwag geword die draer van die volk se lewensbekouing en juis daarom die uitdrukking van die volk se rigting en toekoms."[69] Volgens 'n ongepubliseerde beleidstuk is die volksbeweging "die natuurlike lewensopenbaring van die volk wat altyd deur en op alle gebied rusteloos vorentoe beweeg onder die voorsienige leiding van God tot vervulling van die nasionale lotsbestemming." Dit het in die geskiedenis verskillende vorme aangeneem: die kommando- en trekorganisasie van die negentiende eeu, die Afrikanerbond en nou die Ossewa-Brandwag.[70]

Die stryd van die Afrikaner is nou nie net na buite nie, maar ook na binne, omdat hy ná die vernietiging van sy onafhanklikheid onder die ban gekom het van die Britse liberalisme, en daarom is 'n radikale omwenteling in Suid-Afrika nie net nodig om onafhanklikheid vir die Afrikaner te verkry nie, maar ook om hom weer getrou aan sy eie aard te maak.

Die OB sien homself as die "herskepper van die organiese Afrikanerdom".

Hierdie interpretasie van die Afrikanergeskiedenis bied dus regverdiging vir die OB se bestaan en gee aan hom die posisie van redder van die Afrikanerdom. Deur die Afrikanergeskiedenis in twee fases in te deel en met mekaar te vergelyk, word die oortuiging gewek dat, net soos die eerste fase uitgeloop het op 'n vrye republiek, ook die tweede fase tot 'n eie republiek moet lei. Hierdeur word die geskiedenis ingespan om die geloof in die verwesenliking van die OB-ideale te versterk. Hierdie beskouing, wat in baie opsigte aansluit by vroeëre Afrikanersieninge van hul eie geskiedenis, idealiseer die periode van die Boererepublieke as 'n goue era in die verlede wat in die toekoms weer kan terugkeer, waarby die geskiedenis van stryd teen die verdrukker (eintlik dus 'n stryd tussen goed en kwaad) finaal afgesluit word.

Die Afrikaner se geskiedenis word deur die OB ook in die wyer verband van die wêreldgeskiedenis geplaas en verbind met die idee van die Rewolusie van die Twintigste Eeu. In hierdie omwenteling kom die nasionale en sosiale onderstrominge van die vorige eeu byeen in 'n volksbeweging wat lei tot die vorming van volksgebonde gesagstate[71]: "Die wiel van die geskeidenis draai na 'n nuwe bedeling."[72] Die vyand van die Afrikaner, Britse imperialisme, is deel van die ou bedeling wat verby moet gaan: daarom stry die OB teen die oue en vir die nuwe.[73] Hierdie siening bied dus 'n verdere versterking van die geloof in die bereiking van die OB se toekomsideaal.

Na die oorlog, wat nie uitgeloop het op die algemene oorwinning vir die volksbeweging soos vroeër gedink is nie, is 'n ander perspektief op die geskiedenis in OB-stukke gestel (hoewel die vroeëre siening nooit gerepudieer is nie). Daar is nou verklaar dat die oorlog wel gelei het tot 'n oorwinning vir die sosialisme, maar nie vir die nasionale sosialisme of volksbeweging nie, maar die internasionale sosialisme of kommunisme. Ook is besef dat die oorlog gelei het tot 'n magsverskuiwing van die blanke na die nie-blanke[74] en dat Afrika 'n groter rol in die toekoms kan speel. Daar word nou geglo dat die blanke as draer van die Christelike kultuur 'n besondere taak het om in Afrika te vervul.[75] Die Britse Ryk is in die oorlog verswak, en in 1948 het die Afrikaner weer in Suid-Afrika die mag in die hande gekry; tog glo die OB in 1950 dat die stryd daarmee nog nie blywend beslis is nie en die Afrikaner nog nie vry gekom het van Britse liberalisme nie. Slegs afskaffing van



die partystelsel en instelling van ware volksregering in 'n eie republiek sal die stryd beëindig.

Hoewel die OB se geskiedbeskouing deur veranderde omstandighede in 'n groot mate onhoudbaar geword het, is tog nooit geheel en al daarvan afgesien nie en is in die kolomme van *Die O.B.* ook nog steeds die staatstelsel van die Boererepublieke as model vir die toekoms voorgehou.[76]

### 4.5 Staatsbeskouing

Reeds gedurende die eerste jaar van sy bestaan, toe die ideologie nog nie sy beslag gekry het nie, het die OB sy ideaal vir 'n toekomstige staatsbestel in Suid-Afrika duidelik verwoord, in besonder in die pamflet *Die Boererepubliek* en omsendbriewe 1/41 en 2/42. Hierdie beleidstukke, wat gedeeltelik in samewerking met ander organisasies opgestel is, het amptelike beleid gebly tot aan die einde van die OB se bestaan. In latere beleidsverklaringe is ook by hierdie stukke aangesluit, hoewel vanaf 1942 na die toekomstige republiek as 'n gesagstaat verwys is en ook ander nuwe aksente in die siening van die toekomsstaat gelê is.

Die term *gesagstaat* speel 'n sleutelrol in die OB se staatbeskouing van die oorlogsjare. In *Die Ossewa-Brandwag: vanwaar en waarheen?* word 'n onderskeid gemaak tusen die "suiwere magstaat", die "liberalistiese wetstaat" en die "organiese gesagstaat", en aangedui dat dit drie basiese staatsvorme is wat agtereenvolgens in die wêreldgeskiedenis voorkom. Die liberalistiese wetstaat is eintlik net 'n verswakte magstaat waarin die mag in wetgewende, uitvoerende en regterlike mag verdeel is. Die organiese gesagstaat of volkstaat verskil wesenlik van die twee ander vorme; hierdie staatsvorm van die toekoms word, anders as die ander, deur die volksbeweging daargestel, tree op in belang van die volk en geniet die volk se vertroue. Die gesagstaat handhaaf die selfstandigheid en welstand van die volk "op die grondslag van onderlinge liefde tussen volksgenoot en volksgenoot as burgers van die volkstaat. In die gesagstaat van die volk aanvaar, bekragtig en gehoorsaam die volksburger van die staat die owerheidsgesag wat deur die volksverteenwoordigende volksbeweging in die gesagsposisie gekom het."[77] In die volkstaat is die burger nie net 'n belastingbetaler nie en is daar nie gesag met geweld nie, maar gesag met liefde.[78] Die owerheid sorg vir die volk en streef na volksgeluk en volkswelvaart. As dit die gesindheid van die owerheid is, kan daar geen sprake wees van willekeur of onder-

drukking nie.[79]

Hierdie siening van 'n owerheid wat uit die volk opkom en in belang van die volk regeer, beteken nie volksoewereiniteit nie — laasgenoemde is 'n begrip van die liberalistiese demokrasie, en word deur die OB verwerp. Die owerheid ontvang sy gesag van God, en nie van die volk nie, en die beginsels van Gods Woord is die enigste norme waarmee hy moet rekening hou. Direkte deelname van die volk self word hiermee nie afgewys nie; dit kan in sommige omstandighede goed wees en in ander nie. Daarom is die OB nie teen die demokrasie as stelsel gekant nie, maar teen die lewensbeskouing van die liberalisme met sy beklemtoning van die vryheid van die individu, waarvan die parlementêre demokrasie die besondere regeringsvorm is.[80]

Die term *gesagstaat* is vir die OB nie sinoniem met diktatuur of totalitêre staat nie. In 'n ongepubliseerde beleidstuk, waarskynlik opgestel deur prof. L.J. du Plessis, en in beginsel goedgekeur deur die Grootraad,[81] word die staat as een van verskillende samelewingsverbande gesien met regshandhawing as taak. Hierdie taak bring ook ingryping in ander kringe mee waar regshandhawing dit vereis. "Kortom: Die Christelik-Nasionale gesagstaat gryp oral in as gesagstaat, maar alleen so ver die behoeftes van volkseenheid en nasionale regshandhawing dit vereis en altyd met eerbiediging van individuele mondigheid en sosiale selfstandigheid."

Die Christelik-Nasionale gesagstaat sal wel vryheid waarborg, maar dan nie die "vryheid van die wolf onder skape nie, en die vryheid van volksvyandige kommuniste onder die oningeligte naturelle nie, maar die vryheid van die mens van God tot alle werke volmaaktelik toegerus."[82] In 1949 beklemtoon prof. D.J. van Rooy ook dat die feit dat die OB se voorgestelde staat volkswelvaart nastreef, nie beteken dat dit op alle terreine van die lewe beslag lê en dus totalitêr is nie.[83] Uit die behandeling van die OB se ekonomiese en maatskaplike beleid in die volgende afdeling sal ook na vore kom dat die OB nie 'n allesomvattende taak aan die staat op hierdie terrein toeken nie. Tog, al kan wel gesê word dat die OB nie 'n totalitêre staat tot stand wou bring nie, het die OB homself wel enigsins as 'n totalitêre beweging gesien wat die hele Afrikaanse volkslewe wou herskep en 'n nuwe samelewingsorde daarstel, en het dit self 'n militêre organisasie met sterk leiersgesag gehad, op grond waarvan daar parallelle getrek is met die gesagstruktuur van die toekomstige volkstaat. In 'n ongepubliseerde beleidstuk[84] word verklaar dat die volksbeweging die volkstaat skep en dra, dat die "stigter van die republiek" die titel van president moet kry, en word 'n besondere rol aan die OB as volksbeweging in die nuwe staat toegeken. Hier kom beslis trekke van 'n totalitêre staatsbeskouing na vore.



Volgens dié beleidstuk sal in die toekomstige volkstaat die president steeds in voeling bly met die "hoofraad van die volksbeweging, wat vir meer formele en meer omvattende oorleg van die owerheid met die volksverteenwoordiging jaarliks 'n verteenwoordigende liggaam uit verskillende laerafdelings benoem om die regering te adviseer.[85] Ook in 'n Dienslaerstuk van 1942 word 'n belangrike rol vir die OB in die nuwe staat voorsien.[86] Daar is egter geen belangrike gepubliseerde beleidsverklarings wat hierdie siening bevestig nie. In die algemeen lyk dit of die OB se ideaal van 'n partylose staat nie sonder meer gelykgestel kan word aan die nastrewing van 'n eenpartystaat met die OB as die enigste party soos die Nazi-party in Duitsland en die Fascisteparty in Italië nie.

Wat die staatsinrigting van die beoogde staat betref, word die belangrikste aspekte reeds in die vroeë beleidstukke van 1940 en 1941 behandel. 'n Stelsel met 'n president wat met uitvoerende gesag beklee is, word daar reeds in die vooruitsig gestel. In latere stukke word beklemtoon dat hy 'n sterk leiersfiguur moet wees wat as't ware uit die volk moet opkom, maar daar word ook aangedui dat sy aanstelling eers in 'n volkstemming bekragtig moet word. In die pamflet *Die Boererepubliek* word in die vooruitsig gestel dat die president vir 'n termyn van vyf jaar gekies moet word, maar in ander stukke word geen termyn gestel nie. 'n Ministerraad of ook 'n Burgerraad moet hom in die uitvoerende pligte bystaan; hulle is afhanklik van die vertroue van die president en nie van die Volksraad nie.

Die Volksraad, wat volgens omsendbrief 1/41 vir 'n periode van vyf jaar deur die stemgeregtigde burgers verkies moet word, moet volgens die pamflet *Die Boererepubliek* "met die president en die Burgerraad saamwerk vir die vasstelling van die landswette, die finansiële state en begroting goedkeur en die jaarlikse verslae behandel". Die verhouding tussen president en Volksraad word nie nader omskryf nie. In die beleidsoorsig van 1943 word verklaar dat die Volksraad die regering net moet adviseer, maar verder word die verhouding nie toegelig nie. In 'n beleids-

verklaring van 1950 word tog weer van 'n wetgewende gesag melding gemaak, en dit lyk asof in daardie periode die ou gesagstaatidee weer teruggedring is ten gunste van 'n stelsel soos in die Boererepublieke. In dié verklaring, soos ook in die vroeëre Omsendbrief 1/41, word ook voorsiening gemaak vir 'n Gemeenskapsraad van beroeps- en bedryfsverteenwoordigers. Die toekomsstaat word ook gesien as 'n korporatiewe staat.[87]

Burgerskap van die toekomsstaat bly volgens *Die Boererepubliek* gereserveer vir diegene wat aan die vereistes van "suiwer blanke afkoms en diens aan die Afrikaanse volksroeping en inskakeling in die organiese volkslewe" voldoen, hoewel in latere verklarings die vereistes minder streng gestel word; stemgeregtigde burgers is "persone van wie verwag kan word dat hulle volksopbouend sal optree" of "slegs blankes wat assimileerbaar blyk" mits hulle trou is teenoor Suid-Afrika. Engelssprekendes kan volgens laasgenoemde verklaring dus ook burgers van die volkstaat word. Oor die kwessie of die toekomstige volkstaat slegs 'n suiwer Afrikanerstaat moet wees of nie, was daar meningsverskil[88] en is geen ondubbelsinnige standpunt gestel nie. Nie-blankes en ander "onassimileerbare" elemente word in die beleidsverklarings egter van burgerskap uitgesluit. Met hierdie beskouing word burgerskap dus direk met volkskap verbind en is daar 'n besliste afwyking van die demokratiese tradisie.

In amptelike verklarings oor die beoogde republiek word steeds gemeld dat die grondslag daarvan Christelik-nasionaal moet wees, ooreenkomstig die "Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing van die Boerevolk". Hieroor word egter nie verder uitgewei nie. In die algemeen word bedoel dat die regeringstelsel en regeringsuitoefening 'n Christelike karakter moet dra.

In sy geheel gesien, is die OB se staatsbeskouing betreklik vaag en dubbelsinnig. Daar is veral 'n teenstrydigheid tussen die ouer idee dat die toekomsstaat dieselfde vorm as die ou Boererepublieke moet aanneem en die latere gesagstaatsbeskouing. Hierdie teenstrydigheid het selfs daartoe gelei dat die geskiedenis verdraai is om die Boererepublieke as gesagstate voor te stel. Die ou republieke was wesenlik organiese volkstate, nie demokratiese massastate nie, is beweer.[89] Veral is daarop klem gelê dat hulle, soos die toekomsstaat wat die OB in die vooruitsig gestel het, partyloos was, maar daarby is uit die oog verloor dat die georganiseerde politieke party grotendeels 'n twintigste-eeuse



verskynsel is en dat ook die Kaapkolonie en Natal, met 'n op Britse lees geskoeide parlementêre stelsel, nie werklik georganiseerde politieke partye geken het nie. Aangesien die gesag van die president teenoor dié van die Volksraad nie duidelik omskryf word nie, kan moeilik gesê word of die OB se gesagstaat 'n diktatuur, soos Nazi-Duitsland, beoog het of net 'n demokratiese staat met 'n uitvoerende president soos die VSA en die ou Boererepublieke. Hoewel dit duidelik is dat die OB sterk leierskap in so 'n staat voorgestaan het, word die mag van die president in die amptelike beleidstukke tog in 'n sekere mate beperk. Ook die OB se voortdurende verwerping van die parlementêre stelsel op Britse model lei tot onduidelikheid, en dit wek die gedagte dat die demokratiese stelsel as sodanig afgewys word en nie net bepaalde elemente daarvan nie.

Daar is reeds aangedui dat die staatstelsel wat die OB voorgestaan het, nie sonder meer as totalitêr bestempel kan word nie, al word die staatstaak veel wyer gesien as in daardie periode meestal die geval was. In baie opsigte herinner die OB se siening aan die moderne welsynstaat; hierop word nader ingegaan in die volgende onderafdeling.

### 4.6 Maatskaplike en ekonomiese beskouing

Die maatskaplike en ekonomiese opheffing van die Afrikaner was 'n doelstelling van die OB sedert sy stigting in 1939, en steeds is die OB se strewe as nasionaal en sosiaal aangedui. Nie net die verkryging van politieke onafhanklikheid nie, maar ook die welsyn en welvaart van die Afrikanervolk is nagestreef. Die sosiale strewe is ook gesien teen die agtergrond van die stryd teen die kapitalisme, die "tweelingbroer" van die Britse imperialisme en van die omwenteling van die twintigste eeu, wat — so is geglo — moes uitloop op 'n nuwe bedeling waarin sosialisme die algemene ekonomiese stelsel sou word. Die OB het daarom ook sosialisme voorgestaan, maar dan volkseie of nasionale sosialisme, nie internasionale sosialisme of kommunisme nie. "Die Ossewabrandwag sien die volkspolitieke heil slegs in 'n nasionalisme wat sosiaal is, en in 'n sosialisme wat nasionaal is" — aldus Kommandant-generaal J.F.J. van Rensburg.[90] Hierdie noue verband tussen nasionalisme en sosialisme is 'n belangrike kenmerk wat die OB met die Europese Fascistiese ideologieë deel en wat die OB-ideologie as wesenlik een van hierdie groep aandui.

In die OB se maatskaplike beskouing staan die gesin sentraal. Die gesin is immers die sel, die "elementêrste lewensvorm" van die volk.[91]

Dit is 'n bousteen van die volk wat tegelykertyd ook al die eienskappe van die volk op klein skaal dra. Soos die volk het die gesin 'n woonplek waarin hy alleenseggenskap het, en soos die volk is dit 'n arbeidsgemeenskap wat vir homself sorg.[92] In *Die Ossewa-Brandwag: vanwaar en waarheen?* word erken dat die gesin ook meer is as net 'n sel van die volk,[93] maar in 'n ander amptelike brosjure, *Gesonde huisgesinne bou 'n lewenskragtige volk,* word verklaar dat die gesin al sy funksies in diens van die volk moet beoefen.[94] Die OB se gesinsbeskouing is dus nóú verweef met sy volksbeskouing, en ook met sy rasse-opvatting, want die gesin word gesien as die draer van die bloedsuiwerheid van die volk: "Gesin, bloed en vaderlandse bodem — dit is naas ons godsdiens en ons vryheidsliefde ons grootste en heiligste volkserfenis."[95] Die OB sien die gesin ook as kernelement van die volksbeweging en wil gesinne, eerder as enkelinge, in sy geledere opneem.[96]

Die OB meen dat die verstedeliking en verarming van die Afrikaner gelei het tot 'n gesinskrisis, waartoe ook die liberalistiese lewensbeskouing met sy klem op die individu in plaas van die gemeenskap bygedra het. Daarom moet die gesinslewe hervorm word; dit sal lei tot die herskepping van die Afrikanervolk wat die OB nastreef: "Ons gesinslewe moet gebou word op die organiese volksbegrip waarvolgens almal vir een en een vir almal is en die een dus verantwoordelikheid vir die ander aanvaar, omdat besef word dat as een gesin swak is of vir die volk verlore gaan, die organiese volk as geheel daaronder ly."[97] Die gesin moet só herskep word dat dit selfstandig is en 'n menswaardige welvaartspeil kan bereik en handhaaf. Die staat moet hiertoe 'n bydrae lewer deur byvoorbeeld die verskaffing van huweliksvoorskotte wat getroude paartjies in staat sal stel om op die been te kom.

Verder word klem gelê op die noodsaaklikheid van groot gesinne. Aangesien dit veral onder die boonste laag van die bevolking is dat die geboortesyfer daal, kan dit lei tot 'n verswakking in die gehalte van die bevolking "biologies sowel as ekonomies-maatskaplik".[98] Vir die aanwas van die blanke bevolking vestig die OB sy hoop dan ook nie op immigrasie nie, maar op "die wieg van die Afrikanervrou".[99] Kinderlose egpare moet aangemoedig word om kinders aan te neem. Verder moet die staat gesinsvorming bevorder deur voordele soos vrye kraamverpleging en mediese dienste aan kinders en ook kindertoelaes. Die natuurlike aanwas van die volk moet beskerm word.

In die gesin het elke lid 'n besondere taak: "Die taak van die man is



geleë in die behartiging van die beroepsarbeid, die volkspolitiek en die krygskuns, terwyl die taak van die vrou in die gesinshuishouding en die volksversorging geleë is — sy is die spil waarom die gesinsvorming, die gesinsopvoeding en volksorg draai."[100] Die vrou vind die "vervulling van haar hoogste roeping" in die gesin, en haar aandeel aan ander aspekte van die volkslewe behoort slegs bykomstig te wees. Die vrou moet aan beroepsarbeid vaarwel sê sodra sy in die huwelik tree, want in die volkstaat sal in elk geval toegesien word dat die man se inkomste toereikend is vir die gesin.

Die opvoeding van die kind begin in die gesin, maar moet ook gedeeltelik in die skool voortgesit word. "Skoling van sowel die liggaam as die gees moet beoog word in die besonder ook tot die aankweking van beroepsvaardigheid," aldus omsendbrief 1/41. Ook moet die kind daar voorberei word om later self ouer te kan wees.[101] Die skoolonderwys moet 'n Christelik-nasionale karakter dra, en vir opvoeding van afwykende groepe moet apart voorsiening gemaak word. Hoewel dit nie spesifiek gestel word nie, word 'n stelsel van staatskole waarskynlik beoog.

Die OB beskou sy eie jeugbeweging as 'n belangrike 'vormende hulpmiddel" in die opvoedingsproses, en wil sien dat die jeug as "groeiende deel van die volk" by die volksbeweging ingeskakel word.[102] Die identifikasie van die jeug met die volk moet in die toekomsstaat bevorder word deur die instelling van 'n tydperk van volksdiens vir alle jongmense na skoolverlating.[103] Arbeidsdiens word beskou as 'n noodsaaklike deel van die opvoeding wat die jeug sal leer om in die belang van die volk te werk en dat arbeid 'n lus en nie 'n las is nie. Dit moet die gesindheid van volksbelang bo eie belang help kweek en 'n gedissiplineerde lewensinstelling bevorder. Ook kan verpligte arbeidsdiens help om klasseverskille uit te wis. Veral moet die jeug leer om handearbeid te verrig en leer dat dit nie minderwaardig is nie.[104] Vir seuns word bodemdiens beoog, eenvoudige maar swaar werk, soos die uitroei van onkruid, aanlê van vakansie-oorde en feesterreine en die maak van paaie, en vir die dogters gesinsdiens, wat inhou dat hulle in 'n gesin gaan help waar dit dringend nodig is.[105] So kan hulle dan voorberei word vir hul moedertaak. Die gedagte word ook geopper dat volwassenes wat nog onder die ou bedeling opgegroei het, ook arbeidsdiens moet verrig om in die nuwe gees opgevoed te word. Vir hierdie idee van arbeidsdiens het die praktyk in Nasionaal-Sosialistiese Duitsland beslis as 'n voorbeeld gedien.[106]

Uit bostaande opmerkings oor die OB se beleid in verband met die gesin en die jeug kom na vore dat die aankweek van 'n bepaalde gesindheid as belangrik beskou word, 'n gesindheid waarna soms verwys word as die "Brandwaggees".[107] Dit word ook omskryf as "'n Christeliksosiale arbeidsgesindheid; diensgesindheid, offergesindheid en wagtersgesindheid".[108] Dit is 'n gees waarin arbeid gesien word as diens aan die volk: "Vir luiaards, werkskuwes en jeugdige renteniers is daar geen plek nie. Diesulkes moet in arbeidskampe aan hul plig herinner word."[109] Die volkshervorming wat die OB nastreef, behels dan ook 'n gesindheidsverandering, waarin diens aan die medemens 'n lewenshouding word "wat alle handelinge en optrede moet deurstraal".[110] Dit is die Christelike gebod van naasteliefde wat die OB hier probeer uitleef, maar dan in die besonder op die volk toegespits. Ook lyk dit of gemeenskapsbelang in alle opsigte voor eiebelang gestel word en of nie genoeg rekening gehou word met die Afrikaner se individualistiese inslag nie,[111] en dat die OB nie net die eie aard van die volk tot sy reg wil laat kom nie, maar dit wesenlik wil verander.

Die OB sien in die geestelike hervorming van die Afrikaner wat hy wil bewerkstellig, egter 'n uitroeiing van die gees van kapitalisme wat die volk in 'n geestelike wurggreep gekry het.[112] Die kapitalisme word gesien as 'n volksvyand weens die vooropstelling van eiebelang bo volksbelang wat inherent in die stelsel is. Die liefdadigheid van die kapitalis is net daarop ingestel om die "uitgemergelde en verswakte arbeidskrag" in sy eie belang aan die gang te hou.[113] Met sy volksosialisme wil die OB toesien dat die broodwinner van elke gesin genoeg moet verdien om die gesin behoorlik te klee en te huisves. Die OB wil 'n volkshuishouding hê waarin "sosiaal-ekonomiese geregtigheid" heers.[114] Dit impliseer nie die opheffing van privaatinisiatief nie, maar juis die aanmoediging daarvan om dit in 'n rigting te stuur wat vir die volk as geheel voordelig is. Indien en waar die welvaart van die volk dit vereis, kan privaatinisiatief egter tog opgehef word. Vir "pligsgetroue arbeid en skeppende ondernemingsgees" sal daar 'n billike vergoeding wees, maar ongebreidelde winsbejag word nie geduld nie.[115] Rykdom moet eweregiger versprei word, sodat daar geen uiterstes van groot rykdom en groot armoede meer sal wees nie.

Arbeidsverdeling in die toekomstige bedeling behoort so te geskied dat dit nie lei tot 'n verdeling in klasse of magsgroepe nie, soos in die kapitalistiese stelsel gebeur nie. Die teenstelling tussen werkgewer en werknemer moet uitgewis word. In plaas van die meganiese klasseverdeling moet daar 'n organiese verdeling van stande of beroepsgroepe, soos boere, soldate en onderwysers, plaasvind.[116] Hierdie beroepsgroepe en bedrywe moet dan hul eie sake behartig, en die werkerselement, indien dit nog onderskei kan word, moet ook 'n aandeel in die beheer hê.[117] Hierdie beroepsgroepe behoort verder betrokke te wees by die landsbestuur deur 'n Gemeenskaps- of Beroepsraad — dit is reeds bepleit in die pamflet *Die Boererepubliek* van 1940 en ook nog in die manifes van 1950. Die gesagstaat van die toekoms moet sodoende ook 'n korporatiewe staat wees.[118]



Die gedagte van die korporatiewe staat impliseer nie staatsosialisme nie. Die OB wil juis toesien dat die beroepsgroepe hulself organiseer, en dat dit nie van bo af deur die staat gedoen word nie.[119] Die beroepsgroepe wat as't ware uit die volk opkom, moet dan 'n aandeel kry in die landsbestuur. Tog ken die OB 'n belangrike taak aan die staat toe in die maatskaplike en ekonomiese ordening van die volk. 'n Streng skeiding tussen ekonomie en politiek word as 'n uitvloeisel van die liberalisme gesien.[120] Die staat moet ingryp om die beoogde maatskaplike en ekonomiese hervorminge teweeg te bring en private inisiatief te lei in 'n rigting wat vir die volk bevorderlik is.[121] Die staat moet ook werkloosheid bekamp. Indien nodig, moet die staat groot ondernemings dwing om werkers in diens te neem, en verder moet hy self werkgeleenthede skep. Werkloosheidsversekering moet ook ingestel word.[122] Die staat moet daarby sorg dat die welvaartspeil van die gesin toereikend bly deur pryse te stabiliseer, winste te beperk en lone op so 'n peil te hou dat die werker vergoed word volgens sy verdienste en tegelykertyd volgens die behoefte van sy gesin.

Die OB was reeds vanaf 1940 ten gunste daarvan dat natuurlike hulpbronne in volksdiens gestel word. Volgens die beleidsformulering van 1943 moet die produksiebronne van die land onder staatleiding en "in die eerste instansie deur die eie inisiatief van die staatsburgers" ten volle ontwikkel word.

In 1945 word die nasionalisering van mineraleregte, nasionale wateren kragbronne en bosse voorgestaan. Ook word gevra dat die vervoerstelsel as 'n staatskorporasie ontwikkel word.[123] In die geldwese moet die staat ook direkter ingryp. Reeds in omsendbrief 1/41 word die instelling van 'n volksbank bepleit wat regstreeks die volk se geld- en kredietwese kan beheer. Die nasionalisering van groot banke, sleutelnywerhede en propagandamiddels word verder voorgestaan.

Hierdie beleidspunte moet gesien word teen die agtergrond van die ekonomiese omstandighede van die tyd, toe groot banke en ander ondernemings in hande van Engelssprekendes en buitelanders was, en nasionalisering is dus as 'n middel beskou om die nie-Afrikaanse invloed in die ekonomie teen te gaan.

Die rol wat die OB aan die staat in die ekonomiese lewe wil toeken, kom in baie opsigte ooreen met die stelsels wat vandag in baie lande bestaan, veral in sogenaamde Europese welsynstate soos Groot-Brittanje, Nederland en Swede. Die beskouing oor beroepsgroepe as organisasies waarin die teenstelling tussen werkgewer en werknemer kan verdwyn en wat 'n invloed moet hê in die landsbestuur, is 'n praktyk wat wel by die Fascistiese state voor die Tweede Wêreldoorlog voorgekom het, maar nie in die moderne welsynstate nie. Ook die volksgesentreerdheid van die OB se sosiaal-ekonomiese beskouing en die rol wat aan die staat toegeken word om 'n gesindheid van volkssosialisme aan te kweek, is nie 'n kenmerk van moderne sosialistiese stelsels nie.

### 4.7 Samevatting

Uit die voorgaande behandeling van hoofaspekte van die OB-ideologie blyk dat, hoewel dit 'n samehangende geheel vorm, daar ook teenstrydighede en onduidelikhede in voorkom. Dit is seker in die eerste plek daaraan toe te skryf dat ons hier nie te make het met die filosofiese beskouing van een persoon nie, maar met die amptelike beskouing en beleidsraamwerk van 'n organisasie, wat gevorm is deur verskillende mense met verskillende idees en wat dus in sekere opsigte 'n kompromis tussen 'n verskeidenheid van standpunte verteenwoordig. Daar is egter ook verdere faktore wat vir 'n innerlike spanning binne die OB-ideologie verantwoordelik is.

In die vorige onderafdeling is reeds aangetoon dat die doelstelling van die OB nie deurgaans konstant gebly het nie, en dat ook veranderende omstandighede gedurende die bestaansjare van die OB hierby 'n rol gespeel het. In die begin van 1939 toe die OB gestig is, het dit homself hoofsaaklik as 'n kultuurorganisasie met redelike beperkte oogmerke gesien. Dit is veral die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog wat die omstandighede in Suid-Afrika verander het en die OB na vore laat kom het as 'n liggaam met 'n veel omvattender strewe. Die oorlog is gesien as 'n stryd tussen 'n ou en 'n nuwe samelewingsorde, tussen 'n



kapitalisties-demokratiese en 'n nasionale en sosialistiese bedeling, waarby die OB homself gesien het as die verteenwoordiger van die nuwe orde wat deur die omstandighede van die tyd in staat gestel sou word om 'n nuwe bedeling in Suid-Afrika tot stand te bring. Die oorlog het egter anders verloop as wat verwag is, en die moontlikhede vir die verwesenliking van die omvattende OB-ideaal het al hoe kleiner geword. Daarom is die beperkter ideale van die vroeë bestaansjare weer op die voorgrond gebring, hoewel die hele ideologie nog op die agtergrond aanwesig gebly het. Kernaspekte daarvan soos die verwerping van die demokratiese partystelsel het so wesenlik aan die OB geword dat dit nie meer verwerp kon word nie. Ten einde by veranderende omstandighede aan te pas, is aksente later anders gelê as vroeër en was die gevolg dubbelsinnigheid en teenstrydighede.

Die spanning in die OB-ideologie kan ook gesien word as 'n spanning tussen ideaal en werklikheid. Soos in ander ideologieë, byvoorbeeld dié van die Sowjet-Kommunisme en die Duitse Nasionaal-Sosialisme, staan 'n toekomsideaal in die sentrum van die OB se beskouing. Hierdie ideaal van 'n gesagstaat, 'n volksrepubliek waarin die Afrikanervolk 'n gelukkige en welvarende bestaan sal voer, het egter (soos die toekomsvisie van ander ideologieë) 'n sterk utopiese inslag en hou nie genoeg rekening met die werklikheid nie. Dit kom veral na vore in die maatskaplik-ekonomiese beskouing. Die strewe na 'n innerlike hervorming van die Afrikanervolk, waarby 'n gees van volksbelang bo eiebelang bestendig word, lyk na 'n onuitvoerbare wensdroom waarby die diep ingewortelde egoïsme in die menslike aard nie genoeg in gedagte gehou word nie. In 'n sekere sin verteenwoordig die OB se toekomsideaal 'n vereenvoudiging van die werklikheid en is dit selfs 'n ontvlugting uit die omstandighede van die twintigste-eeuse samelewing.

Gesinsverbrokkeling en verswakking van die familie- en volksbande is verskynsels wat deur die nywerheidsamelewing van die twintigste eeu in die hand gewerk word, nie net deur die kapitalistiese stelsel en liberalistiese lewenshouding nie, en daarom kan dit nie met 'n nuwe orde in 'n (nog steeds) geïndustrialiseerde samelewing uitgeskakel word nie. Ook met die besondere werklikhede in Suid-Afrika word nie voldoende rekening gehou nie. So is die ideaal om 'n volkstaat in 'n veelvolkige samelewing te stig, eintlik onuitvoerbaar. Die teenstrydige uitsprake oor die rol van die Engelssprekende in die beoogde volkstaat kan as 'n uiting van die spanning tussen idealisme en realisme gesien word.

Botsende elemente en spanninge binne die OB-ideologie is verder ook toe te skryf aan die invloed van aanhangers van verskillende lewensbeskouinge daarop. Elemente van sowel die Calvinisme as die Neo-Fichteanisme kom in die OB-ideologie na vore. Hoewel sommige akademici van die Calvinistiese rigting 'n belangrike rol in die OB gespeel het, het ander aanhangers van dieselfde lewensbeskoulike rigting krities en selfs negatief teenoor hierdie organisasie gestaan. Prof. S. du Toit se kritiek is veral gerig op die OB se verwerping van die demokrasie,[124] en hy wys op die sterk demokratiese inslag van die Calvinistiese kerkregeringstelsel asook van die Afrikaner se tradisionele regeringsvorm. Hy, en ook dr. P.J.S. de Klerk,[125] spreek hulle uit teen die volksbeweginggedagte; De Klerk wys op die gevaar van 'n volksbeweging wat mense van verskillende lewensbeskoulike rigtings omvat, en Du Toit meen dat 'n beweging met so 'n omvattende strewe die gevaar van 'n verpolitisering van die samelewing inhou.[126] Prof. C.J.H. de Wet gee verder prinsipiële kritiek op veral die beklemtoning van die gemeenskap bo die enkeling deur die OB en meen dat op Bybelse gronde die enkeling primêr en die gemeenskap sekondêr gesien moet word.[127]

Daar is egter ook ander aspekte van die OB-ideologie wat moeilik met die Calvinistiese lewensuitkyk rym. Die utopiese toekomsstaatsvisie kom byvoorbeeld nie ooreen met die Calvinistiese opvatting dat die Christen slegs hervormend in die samelewing kan optree en nie 'n volmaakte samelewing op aarde kan vestig nie; dit kan slegs ná die wederkoms van Christus geskied. Ekonomiese en maatskaplike ongelykheid, ongeregtigheid, ensovoorts sal nie verdwyn deur die samelewingstruktuur te verander nie, aangesien dit voortspruit uit die verdorwenheid van die mens self. Die Calvinistiese idee dat die gesin, volk, staat, kerk en bedryf almal samelewingsverbande is met 'n eie aard wat naas mekaar bestaan en waarvan die een nie prioriteit bo 'n ander behoort te hê nie, kom ook nie in die OB-ideologie tot sy reg nie. Hoewel soms wel na hierdie beginsel verwys word, word die konsekwensies daarvan nie deurgetrek nie. Dat die volk in die OB-ideologie sentraal staan, kan geregverdig word op grond daarvan dat die OB 'n volksbeweging was wat díe nasionale strewe van die Afrikanervolk vertolk het en dat dit in sy ideologie dus om die belange van die volk gaan. Die siening dat die staat primêr die belange van die Afrikanervolk moet behartig en dat 'n ekonomiese stelsel ingestel moet word wat in die eerste plek die welsyn van die Afrikanervolk beoog, dui tog op 'n primêrstelling van die volk bo ander verbande. In die OB-ideologie word die gesin die sel van



die volk en die staat die liggaam wat die wense van die volk moet verwesenlik. Hierdie beskouing staan in die lyn van Fichte en Hegel, èn van die Fascistiese en Nasionaal-Sosialistiese ideologieë, en nie van die Christelik-Calvinistiese denke nie. Hoewel die OB se amptelike beskouing wel 'n Christelike inslag het, kan dit in sy geheel nie as 'n duidelik Christelike of Bybelse beskouing gesien word nie.

Die invloed van Stoker, Du Plessis en ander Calvinistiese denkers op die OB-ideologie lyk, teen die agtergrond van bostaande opmerkings, baie beperk. Dit kan daaraan toegeskryf word dat figure soos Van Rensburg en Meyer 'n groter invloed uitgeoefen het, maar ook aan die krag van bepaalde beskouinge en ideale, sodat Stoker en veral Du Plessis self daardeur beïnvloed is eerder as dat hulle dit teengewerk het. Daar is reeds aangedui dat Stoker en Du Plessis byvoorbeeld beïnvloed is deur die idee dat 'n nuwe orde op koms was, dat hulle negatief teen die Brits-gefundeerde parlementêre tradisie gestaan het en die volkstaatidee aangehang het. Dit hang daarmee saam dat in die Calvinistiese denke op staatkundige en maatskaplike gebied nie baie ver gevorder was nie, dat binne hierdie stroming heelwat ruimte is vir verskillende interpretasies en dat dit ook deur tydsomstandighede en strewes soos Afrikanernasionalisme beïnvloed word. Hoewel Du Plessis hom daarvoor beywer het om die Nasionaal-Sosialisme in die OB teen te werk het sy pogings maar beperkte sukses gehad en kan nie gesê word dat die karakter van die OB-ideologie na sy toetrede in 1942 belangrike veranderinge ondergaan het nie.

Die OB-ideologie in sy geheel sluit dus eerder aan by die volksentriese universalisme van Diederichs en kom baie sterk ooreen met die siening van Meyer. In sy kernelement toon dit die kenmerk van die Fascisme as algemene ideologiese rigting soos in die omvattende verslag[128] uiteengesit. Daarin is onder meer gewys op die kombinasie van nasionalisme en sosialisme in hierdie ideologieë, hulle antidemokratiese en anti-kommunistiese inslag, die elemente van aktivisme en militarisme, die idee van die organiese en korporatiewe staat, en die klem op sterk leierskap. Hierdie dinge kom almal ook in die OB-ideologie voor. Met die Duitse Nasionaal-Sosialisme as besondere vorm van fascisme het die OB-ideologie ook heelwat gemeen. Die klem op die volk, sy rassesuiwerheid en sy verbondheid met die bodem kom by albei voor. Tog is daar ook belangrike verskille met die Duitse Nasionaal-Sosialisme, en is die mite van die Ariese ras, die verdringing van die Christendom deur Germaanse heidense idees en die felle anti-

Semitisme nie in die OB-ideologie aanwesig nie, en dit kan daarom nie gelykgestel word met die Duitse Nasionaal-Sosialisme nie.

In die algemeen kan die OB-ideologie as 'n vorm van Fascisme getipeer word. Dit toon die basiese trekke van hierdie groep ideologieë en verwantskap met bepaalde vorme daarvan soos die Duitse Nasionaal-Sosialisme, Italiaanse Fascisme en Spaanse Falangisme. Hierdie verwantskap is nie net die gevolg van navolging nie, maar in 'n belangrike mate beïnvloeding deur gemeenskaplike geestestrominge en omstandighede. Die OB-ideologie toon ook unieke kenmerke wat dit 'n eie vorm van Fascisme maak. Veral die Protestants-Christelike (en in besonder Calvinistiese) inslag gee dit 'n eie karakter en verder ook die aansluiting by Afrikanertradisies, soos blyk uit die kommando-organisasie en die strewe om kenmerke van die ou Boererepublieke te laat herleef.

**4.8 Invloed en betekenis van die OB-ideologie**

Om na te gaan wat die invloed van die OB-ideologie op die Afrikaner van die oorlogsjare en ook op sy latere opvattinge was, is eintlik 'n studie op sigself en ook nie 'n onderwerp waaroor gegewens maklik bekombaar is nie. In hierdie slotafdeling word volstaan met slegs 'n aantal opmerkings.

Die Ossewa-Brandwag het in sy tyd 'n besondere invloed op die Afrikaner gehad. Geen ander organisasie het ooit die Afrikaanse nasionale strewe so geheel en al beliggaam as die OB nie. Waar 'n organisasie soos die Afrikaner-Broederbond steeds net 'n beweging onder die Afrikaner-elite was en die Nasionale Party wel 'n groot aanhang onder alle Afrikaners gehad het maar as politieke party slegs beperkte oogmerke gehad het, was die OB omvattend in sowel sy strewe as sy aanhang. Hierdie appèl wat die OB op die Afrikaner van die vroeë oorlogsjare gemaak het, moet seker in die eerste plek toegeskryf word aan die besondere omstandighede van daardie jare, maar ook die ideale wat die OB wou bereik, het hierby seer seker 'n rol gespeel. Met sy strewe na 'n eie Afrikanerrepubliek, is die nasionalistiese Afrikaner aangegryp, en met sy toekomsvisie van 'n beter bedeling vir die arm Afrikaner het hy ook die eenvoudige werkers bereik.

Soos reeds in die vorige afdeling aangedui, het die OB met sy ideologie 'n toekomsbeeld aan sy aanhangers voorgehou wat onrealisties en oorvereenvoudigend was, maar juis daarmee kon dit die gewone massa



aangryp. Vir die Afrikaners wat uit 'n eenvoudige plattelandse milieu afkomstig was, maar deur omstandighede gedwing is om hul heil in die stede te soek, waar hulle hul in 'n gekompliseerder samelewing bevind het en met allerlei maatskaplike probleme moes worstel, het die OB 'n eenvoudige en hoopvolle antwoord gebied. Tog het die OB nie net die eenvoudige Afrikaner bereik nie. Dit is verbasend hoeveel akademici, predikante, sakemanne ensovoorts, hulle met die OB en sy ideologie vereenselwig het. Dit is waarskynlik veral die samebindende krag van die Afrikanernasionalisme wat van die OB 'n volksbeweging gemaak het wat tot alle lae van die samelewing deurgedring het.

Het die lede van die OB egter die OB-ideologie in al sy fasette, soos die vorige afdelings behandel, aanvaar en begryp? Uit die herinneringe van Oud-OB-lede wat in die OB-Argief bewaar word, blyk dit dat baie min van hulle 'n besondere belangstelling in die OB se toekomsvisie en die teoretiese aspekte van sy beleid toon. Vir die meeste van hulle was die OB in die eerste plek 'n beweging wat die Afrikaanse republikeinse strewe beliggaam het en waarin hulle die geleentheid gekry het om aktief hierdie ideaal te probeer bevorder. Net enkeles erken dat die OB-ideologie heelwat trekke van die Nasionaal-Sosialisme getoon het. Aangesien die Nasionaal-Sosialisme en verwante ideologieë na die Tweede Wêreldoorlog in diskrediet geraak het, kan dit verwag word dat mense tans nie graag openlik sal erken dat hulle vroeër Nasionaal-Sosialistiese beskouings gehuldig het nie, maar dit lyk tog of die meeste lede nie meer as net 'n baie oppervlakkige begrip van die OB-ideologie gehad het nie en dat die brosjures waarin die verskillende aspekte van die ideologie uiteengesit is, nie baie deeglik deur die gewone lede bestudeer is nie. Die gewone OB-lede was duidelik nie denkers of teoretici nie maar eerder mense wat lief was vir aksie en avontuur.

In die latere oorlogsjare het dit duideliker geword dat die OB se siening van die rigting waarin die wêreld ontwikkel, foutief was, en sy ideale het al hoe onuitvoerbaarder begin lyk. Die verwerping van die kapitalisme en parlementêre demokrasie was ook 'n simplistiese benadering van die rol wat hierdie stelsels in Suid-Afrika gespeel het en het die aanvaarding daarvan deur die Afrikaner onderskat. Die OB se ideaal van 'n geestelike herskepping van die Afrikaner waardeur die invloed van die Britse liberalisme ongedaan gemaak sou word, het eintlik beteken dat elemente van die Afrikaanse lewenswyse en lewensbeskouing wat al van sy oorsprong deel van hom was, verwyder moes word, en dit kon moeilik anders as om reaksie te veroorsaak. Die stryd

tussen die OB en die Nasionale Party het uiteindelik op 'n oorwinning vir laasgenoemde uitgeloop; dit was die gevolg daarvan dat die omstandighede in die guns van die Nasionale Party verloop het, maar ook dat hy die Afrikaner se politieke beskouing en tradisie juister vertolk het as die OB.

Die vernaamste kritiek wat in die oorlogsjare teen die OB se ideologie uitgespreek is, was dan ook dat dit onafrikaans en vreemd is, dat die OB die Duitse Nasionaal-Sosialisme in Suid-Afrika wou invoer. Hierdie kritiek was hoofsaaklik polities gemotiveerd,[129] en van werklik wetenskaplik-kritiese bespreking van OB-ideologie was daar min sprake.[130] In Engelstalige koerante is die OB sonder meer as Nasionaal-Sosialisties afgemaak en was daar feitlik geen pogings om die agtergrond van die OB-ideologie te begryp nie.[131] Gedurende die bestaansjare van die OB is die OB-ideologie nooit indringend op prinsipiële gronde gekritiseer en bestry nie, en daar is nie 'n belangrike filosofiese of lewensbeskoulike teenwig teen die OB-ideologie gebied nie. Dit is hoofsaaklik as gevolg van bestryding op politieke gebied en deur die verloop van die gebeure in Europa en in Suid-Afrika self, dat die OB-ideologie gediskrediteer is en sy invloed verloor het.

As na die verdere invloed van die OB-ideologie gekyk word, kom veral negatiewe elemente na vore. Deur Afrikanernasionalisme en Fascisme (of Nasionaal-Sosialisme) met mekaar te koppel, is eersgenoemde veral in die oë van die Engelssprekende, die nie-blanke en die buitewêreld gediskrediteer. 'n Geweldige sterk negatiewe reaksie teen die Fascistiese ideologieë het na die Tweede Wêreldoorlog oor die wêreld posgevat, en dit het met die jare eerder sterker as swakker geword. Die aanvaarding van 'n Fascistiese ideologie deur so baie Afrikaners in die verlede het buitestaanders daartoe gelei om ook in die latere optrede van Afrikaners trekke daarvan te probeer aantoon en daarmee die beeld van die Afrikaner in die buitewêreld te verswak. Al is daar ook geen belangrike invloed van die OB-denkbeelde op latere beskouinge van die Afrikaner nie, soos hieronder verder bespreek sal word, het die historiese assosiasie dus 'n bepaalde invloed tot in die eie tyd.[132]

Die aktiewe deelname van verskeie Potchefstroomse akademici aan die OB en aan die vorming van sy ideologie het die lewensbeskoulike rigting wat hierdie universiteit verteenwoordig het, nie ten goede gekom nie. In geen ander politieke beweging in Suid-Afrika het Calvinistiese denkers soveel geleentheid gehad om hul invloed te laat geld nie.



Veral omdat die OB, anders as ander bewegings, 'n omvattende ideologie gehad het, was daar heelwat ruimte om Calvinistiese beskouinge daarin op te neem en daardeur ook verder te versprei. Van 'n spesifieke Calvinistiese stempel was daar egter min sprake. Hoewel Calvinistiese denkers gehelp het om ekstreem Fascistiese beskouings teen te gaan en hulle 'n matigende rol gespeel het, het hulle hul te veel laat meesleur deur die heersende tydsgees en die Calvinistiese denke te sterk omgebuig om daarby aan te pas eerder as om 'n sterk kritiese invloed te laat geld.

Het sekere elemente van die OB-ideologie nie tog deurgewerk in die latere lewensbeskouing en politieke en maatskaplike denke van die Afrikaner nie? Dit is moeilik om hierop 'n antwoord te gee. Dit wil voorkom of hierdie invloed tog baie klein was. Die OB het waarskynlik wel die Afrikaanse nasionalisme en republikeinse strewe gestimuleer en veral gehelp om die idee van 'n republiek meer populêr te maak, maar sy beskouing van hoe die republiek daar moet uitsien, is nie ten uitvoer gebring nie, en vandag is daar geen belangrike groep wat 'n verandering van staatsvorm om dit in ooreenstemming met die OB-ideaal te bring, voorstaan nie. Die nuwe grondwetlike bedeling in Suid-Afrika, waarby die Westminsterstelsel gewysig is, is nie gemotiveer deur 'n afkeer van die Britse parlementêre stelsel nie, maar deur pogings om 'n oplossing vir die verteenwoordiging van verskillende volksgroepe in die sentrale regering te probeer vind. Die sosiaal-ekonomiese strewe van die OB sluit in sekere opsigte aan by na-oorlogse ontwikkeling in die rigting van sosialisme en groter staatsbeheer in die ekonomie. Ook in Suid-Afrika het die staat se rol in die ekonomie en in die volkswelsyn groter geword, maar tog het weinig van die OB se toekomsideale tereg gekom. Hoogstens kan gesê word dat die OB gehelp het om 'n groter sosiale bewustheid te kweek, veral wat mede-Afrikaners betref. Die groot ekonomiese voorspoed wat die Afrikaner sedert die sestigerjare beleef, het die noodsaaklikheid van die OB se ekonomiese opheffingstrewe eintlik vanself laat verdwyn.

Ook wat die beleid teenoor die nie-blanke volksgroepe betref, kan besondere invloed van die OB-ideologie moeilik aangetoon word. In die OB se beskouinge is belangrike aspekte van die latere apartheidsbeleid wel vervat, maar ook buite die OB is soortgelyke denkbeelde gehuldig. Akademici soos G. Cronjé, wat met sy geskrifte 'n belangrike invloed op die apartheidsbeskouing gehad het, het ook 'n kardinale rol in die vorming van die OB se rassebeleid gespeel, maar daar is nie 'n direkte

invloed van die OB-ideologie op die latere beleid van die Nasionale Party nie. Tog het die beklemtoning van die volk en die verband wat gelê word tussen volk en staat in die OB-ideologie, moontlik 'n betekenisvolle bydrae gelewer om die gedagte van afsonderlike ontwikkeling te bevorder.

Elemente van die afsonderlike ontwikkelingsbeleíd soos rasseskeiding, rasseklassifikasie, die verbod op gemengde huwelike en die besondere posisie wat die blanke ras in Suid-Afrika beklee, word dikwels veral in die buiteland, met die Duitse Nasionaal-Sosialisme in verband gebring. Soos vroeër aangetoon, het die Duitse rasse-idees slegs in beperkte mate in die OB-ideologie deurgewerk. Hierdie beleidsaspekte is dan ook eerder as gevolg van praktiese oorwegings as onder invloed van die Nasionaal-Sosialisme ingestel.

Die OB-ideologie in sy geheel was 'n doodlooppad, wat wel uit die hoofstroom van die ontwikkeling van die Afrikaanse nasionalisme, lewensbeskouing en politieke denke gekom maar weg van die hoofrigting beweeg het. Tog is elemente daarvan wel in die denke en lewensbeskouing van die Afrikaner opgeneem, en het die OB se opvattinge bevrugtend op latere beskouinge ingewerk.



**VOETNOTAS**

[1] OB-Argief, Grootraadnotules: Verslag van die organisasieleier, as bylae tot notule 8-10.10.10.1945.
[2] Soos aangehaal in *Die Transvaler,* 18.1.1941.
[3] Die saak word breedvoeriger bespreek in P. de Klerk, *Die ideologie van die Ossewa-Brandwag* RGN-verslag, 1984.
[4] Die vernaamste hiervan (almal uitgegee deur die Ossewa-Brandwag) is:
*Die Ossewa-Brandwag: vanwaar en waarheen?* (1942)
*Gesonde huisgesinne bou 'n gesonde volk. Amptelike gesinsbeleid van die Ossewa-Brandwag* (1942)
*Some facts about the Ossewa-Brandwag* (1944)
*Iets oor die Ossewa-Brandwag* (1944).
[5] Die beskouinge van hierdie drie denkers word indringend bespreek in P. de Klerk, *Die ideologie van die Ossewa-Brandwag*
[6] A.J.H. van der Walt, *'n Volk op trek,*p. 11.
[7] Soos weegegee in A.J.H. van der Walt, *'n Volk op trek,* pp. 12-13
[8] A.J.H. van der Walt, *'n Volk op trek,* p. 16. Vergelyk ook (Ossewa-Brandwag), *Konstitusie,* p. 1.
[9] A.J.H. van der Walt, *'n Volk op trek,* p. 28.
[10] Anon., *Die Boererepubliek,* (herdruk in *Die O.B.,* 19.11.19411).
[11] Omsendbrief 1/41
[12] Deur 'n algemene laertrek van OB-offisiere. Kyk A.J.H. van der Walt, *'n Volk op trek,* p. 120.
[13] Vergelyk A.J.H. van der Walt, *'n Volk op trek,* pp. 120-121.
[14] A.J.H. van der Walt, *'n Volk op trek*, p. 121.
[15] (Ossewa-Brandwag), *Die Ossewa-Brandwag: vanwaar en waarheen?.* pp. 3-6
[16] Anonieme voorwoord tot J.F.J. van Rensburg, *Die Ossewa-Brandwag en die parlementsverkiesing; die soldate; die Kommunisme.* Vergelyk ook J.A. Wiid, "Kan republiek deur 'n algemene verkiesing verkry word?" (in *Die O.B.,* 24.6.1942). Hy verklaar dat die "stembus onder huidige omstandighede nie vir ons die Rebubliek sal bring nie... Kolonies word nie repubulieke op evolusionêre wyse nie, maar op revolusionêre middels... Die komende Republiek van Suid-Afrika sal dan ook wees 'n produk van die Revolusie van die Twintigste Eeu..."
[17] Anonieme voorwoord tot brosjure, (*J.F.J. van Rensburg*), *Leier van die gedissiplineerde Afrikanerdom, Lewensbeskrywing en drie toesprake,* p.2.

[18] Anon., *(J.F.J. van Rensburg), Leier van die gedissiplineerde Afrikanerdom,* p. 5. Kyk ook "Manifes van die grootraad, 19 April 1942" in (Ossewa-Brandwag), *Die Ossewa-Brandwag: vanwaar en waarheen?* waar na die OB as die "geswore soldatedom van die Republiek verwys word.
[19] J.F.J. van Rensburg, *Die vooraand van ons Volkseie sosialisme, Die Ossea-Brandwag tree die toekoms tegemoet,* p.1. Vergelyk ook (Ossewa-Brandwag), *Some facts about the Ossewa-Brandwag,* pp. 4-5
[20] *Die O.B.,* 1.10.1952.
[21] (Ossewa-Brandwag), *Die Ossewa-Brandwag: vanwaar en waarheen?,* p. 41.
[22] Soos gerapporteer in *Die O.B.,* 22.4.1942 en 30.9.1942.
[23] Soos aangehaal in *Die O.B.,* 21.1.1942, 15.4.1942.
[24] (Ossewa-Brandwag), *Die Ossewa-Brandwag: vanwaar en waarheen?,* p.28.
[25] (Ossewa-Brandwag), *Die Ossewa-Brandwag: vanwaar en waarheen?,* p. 29.
[26] (Ossewa-Brandwag),*Die Ossewa-Brandwag: vanwaar en waarheen?,* p. 25.
[27] *Die O.B.,* 27.1.1943.
[28] Byvoorbeeld soos gerapporteer in *Die O.B.,* 7.1.11.1945 en sy outobiografie, *Their paths crossed mine,* pp. 78, 145.
[29] (Ossewa-Brandwag), *Die Ossewa-Brandwag: vanwaar en waarheen?.* p. 60.
[30] OB-Argief, Grootraadnotules: notule 11-12.3.1943.
[31] OB-Argief, Grootraadnoutles: "Naturellebeleid", as Bylae A by notule 11-12.3.1943.
[32] OB-Argief, Beleidsraadstukke: "Oorsig van die vernaamste beleidsbeginsels..."
[33] (Ossewa-Brandwag), *lets oor die Ossewa-Brandwag* pp. 11-14
[34] (Ossewa-Brandwag), *lets oor die Ossewa-Brandwag,* p. 63
[35] N.G.S. van der Walt, "Ons en die naturel" in *Die O.B.,* 14.1.1948, 21.1.1948, 28.1.1948, 18.2.1948.
[36] Byvoorbeeld in (Ossewa-Brandwag), *Die Ossewa-Brandwag: vanwaar en waarheen?,* p. 15.
[37] J.F.J. van Rensburg, *Die vooraand van ons volkseie sosialisme,* p. 17.
[38] "Manifes van die Grootraad, 19 April 1942", punt 17 in (Ossewa-Brandwag), *Die Ossewa-Brandwag: vanwaar en waarheen?.* pp. 3-6.
[39] *Die O.B.,* 24.2.1943.
[40] OB-Argief, Beleidsraadstukke: "Oorsig van die vernaamste beleidsbeginsels ..."
[41] 'n Voorstel dat Christelike Jode van sulke maatreëls uitgesluit word, het nie byval gevind op 'n uniale studielaertrek nie. Vergelyk OB-Argief, Beleidsraadstukke: Notule van uniale studielaer, 2-3.10.1942.
[42] N.G.S. van der Walt-vers., Dagboek 3.12.1947. Hy verwelkom ook die skepping van 'n Joodse staat in Palestina.
[43] N.G.S. van der Walt-vers.: Dagboek, 21.1.1948. Vergelyk ook die verklaring van Van Rensburg, aangehaal in *O.B.,* van 1.12.1948.
[44] Aangehaal in (Ossewa-Brandwag), *Some facts about the Ossewa-Brandwag,* p. 52.
[45] (Ossewa-Brandwag), *Some facts about the Ossewa-Brandwag,* p. 53.
[46] Aangehaal in *Die O.B.,* 7.11.1945.
[47] (Ossewa-Brandwag), *Die Ossewa-Brandwag: vanwaar en waarheen?,*p.38
[48] "Manifes van die Uitvoerende Raad", in *Die O.B.,* 28.6.1950.
[49] (Ossewa-Brandwag), *Die Ossewa-Brandwag: vanwaar en waarheen?,*p. 7.
[50] (Ossewa-Brandwag), *Die Ossewa-Brandwag: vanwaar en waarheen?,* p. 28.
[51] *Die O.B.,* 25.2.1942.
[52] Vergelyk "Manifes van die Grootraad, 19 April 1942" in *(Ossewa-Brandwag), Die Ossewa-Brandwag: vanwaar en waarheen?,* pp. 3-6.
[53] *(Ossewa-Brandwag), Die Ossewa-Brandwag: vanwaar en waarheen?,* p. 29
[54] *(Ossewa-Brandwag), Die Ossewa-Brandwag: vanwaar en waarheen?,* p. 20
[55] *(Ossewa-Brandwag), Die Ossewa-Brandwag: vanwaar en waarheen?,* p. 30.
[56] *(Ossewa-Brandwag), Die Ossewa-Brandwag: vanwaar en waarheen?,* p. 59.
[57] *(Ossewa-Brandwag), Die Ossewa-Brandwag: vanwaar en waarheen?,* p. 7.
[58] *(Ossewa-Brandwag), Die Ossewa-Brandwag: vanwaar en waarheen?,* p. 7.
[59] *(Ossewa-Brandwag), Die Ossewa-Brandwag: vanwaar en waarheen?,* p. 8.
[60] *(Ossewa-Brandwag), Die Ossewa-Brandwag: vanwaar en waarheen?,* p. 8.
[61] *(Ossewa-Brandwag), Die Ossewa-Brandwag: vanwaar en waarheen?,* p. 52.

[62] *Die O.B.* 21.8.1946. Vergelyk P. de Klerk, *Die ideologie van die Ossewa-Brandwag,* p.51 vir die kenmerke van die gesagstaat in vergelyking met die Boererepublieke.
[63] *Die O.B.,* 29.11.1944.
[64] *Die O.B.,* 21.2.1942.
[65] *(Ossewa-Brandwag), Die Ossewa-Brandwag: vanwaar en waarheen?,* p. 8.
[66] *(Ossewa-Brandwag), Die Ossewa-Brandwag: vanwaar en waarheen?,* p. 8.
[67] *(Ossewa-Brandwag), Die Ossewa-Brandwag: vanwaar en waarheen?,* p. 9.
[68] *(Ossewa-Brandwag), Die Ossewa-Brandwag: vanwaar en waarheen?,* p. 9.
[69] *(Ossewa-Brandwag), Die Ossewa-Brandwag: vanwaar en waarheen?,* p. 10.
[70] *Die O.B.,* 5.8.1942.
[71] *(Ossewa-Brandwag), Die Ossewa-Brandwag: vanwaar en waarheen?,* p. 13.
[72] " Manifes van die Grootraad, 19 April 1942" in *Die Ossewa-Brandwag: vanwaar en waarheen?.* pp. 3-6
[73] Toespraak van J.A. Smith, gerapporteer in *Die O.B.,* 23.5.1945,
[74] Toespraak van Van Rensburg, soos aangehaal in *Die O.B.,* 7.11.1945.
[75] "Manifes van die Uitvoerende Raad", in *Die O.B.,* 28.6.1950.
[76] Vergelyk A.J. van Rooy, "Waarom Boererepublieke partyloos was" in *Die O.B.,* 13.9.1950.
[77] *(Ossewa-Brandwag), Die Ossewa-Brandwag: vanwaar en waarheen?,* pp.52-53.
[78] *Die O.B.,* 16.9.1942.
[79] *Die O.B.,* 16.9.1942. Vergelyk ook F.J. van Heerden, *Nasionaal-Sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek,* 1933-1948, p. 137.
[80] *Die O.B.,* 14.10.1942.
[81] *OB-Argief,* Grootraadnotules: "Volksbeweging en volkstaat teenoor selfstandige samelewingskringe". Bylae B by notule 11-12.3.1943.
[82] (Ossewa-Brandwag), *Iets oor die Ossewa-Brandwag,* p. 45.
[83] *Die O.B.,* 9.2.19149.
[84] OB-Argief, Beleidsraadstukke: "Oorsig van vernaamste beleidsbeginsels..."
[85] OB-Argief, Beleidsraadstukke: "Oorsig van vernaamste beleidsbeginsels..."
[86] *Die O.B.,* 4.11.1942.



[87] *(Ossewa-Brandwag), Die Ossewa-Brandwag: vanwaar en waarheen?,* p.46.
[88] OB-Argief, Bandopname (tr.): H.G. Stoker.
[89] Vergelyk F.P. Smit, *Die staatsopvattinge van Paul Kruger.* Die demokratiese aard van die ou Transvaalse staatstelsel word deur hom in perspektief gestel.
[90] J.F.J. van Rensburg, *Die vooraand van ons volkseie sosialisme,* p. 22.
[91] Volgens *Die O.B.,* van 20.5.1942 (anonieme artikel).
[92] *Die O.B.,* 20.5.1942.
[93] *(Ossewa-Brandwag), Die Ossewa-Brandwag: vanwaar en waarheen?,* p.25.
[94] Ossewa-Brandwag, *Gesonde huisgesinne bou 'n lewenskragtige volk. Amptelike gesinsbeleid van die Ossewa-Brandwag,* p. 5.
[95] Aanhaling uit *Die O.B.,* 28.10.1942 (anonieme artikel).
[96] (Ossewa-Brandwag), *Die Ossewa-Brandwag: vanwaar en waarheen?,* p.26.
[97] Ossewa-Brandwag, *Gesonde huisgesine bou 'n lewenskragtige volk,* p. 1.
[98] Ossewa-Brandwag, *Gesonde huisgesinne bou 'n lewenskragtige volk,* p. 16-17.
[99] OB-Argief, Grootraadnotules: "Verslag van die kommandant-generaal aan die Grootraad", as Bylae D, aanhangsel D by notule 28-29.9.1944.
[100] Ossewa-Brandwag, *Gesonde gesinne bou 'n lewenskragtige volk,* p. 20.
[101] Ossewa-Brandwag, *Gesonde gesinne bou 'n lewenskragtige volk,* pp. 20-21,
[102] (Ossewa-Brandwag), *Die Ossewa-Brandwag: vanwaar en waarheen?,* p. 44.
[103] Ossewa-Brandwag, *Gesonde gesinne bou 'n lewenskragtige volk,* pp. 21-22. G. Cronjé in sy artikel "Die waarde en betekenis van arbeidsdiens" in *Die O.B.,* 17.5.1948 meen dat die diens op 'n vrywillige grondslag moet geskied.
[104] G. Cronjé, "Die waarde en betekenis van arbeidsdiens" in *Die O.B.,* 18.2.1948.
[105] *Die O.B.,* 28.7.1943 (Dienslaerstuk). Vergelyk G. Cronjé "Die waardes en betekenis van arbeidsdiens" in *Die O.B.,* 18.2.1948.
[106] Vergelyk G. Cronjé "Die waarde en betekenis van arbeidsdiens" in *Die O.B.,* 18.2.1948.
[107] (Ossewa-Brandwag), *Die Ossewa-Brandwag: vanwaar en waar-*

*heen?*, p. 37.
[108] *(Ossewa-Brandwag), Die Ossewa-Brandwag: vanwaar en waarheen?*, p.37.
[109] *Die O.B.*, 7.7.1943 (Dienslaerstuk).
[110] *Die O.B.*, 7.7.1943 (Dienslaerstuk).
[111] Vergelyk ook die Afrikaner se individualisme C.C. Negpen, *Die sosiale gewete van die Afrikaanssprekendes*, p.95. .
[112] *Die O.B.*, 3.11.1943 (Dienslaerstuk); (Ossewa-Brandwag), *(Ossewa-Brandwag), Die Ossewa-Brandwag: vanwaar en waarheen?*, p. 37.
[113] *(Ossewa-Brandwag), Die Ossewa-Brandwag: vanwaar en waarheen?*, p. 37.
[114] *(Ossewa-Brandwag), Die Ossewa-Brandwag: vanwaar en waarheen?*, p. 19.
[115] *(Ossewa-Brandwag), Die Ossewa-Brandwag: vanwaar en waarheen?*, pp.18-19.
[116] *(Ossewa-Brandwag), Die Ossewa-Brandwag: vanwaar en waarheen?*, pp. 45-46
[117] *(Ossewa-Brandwag), Die Ossewa-Brandwag: vanwaar en waarheen?*, pp. 22-34 en *Die O.B.*, 3.11.1943 (Dienslaerstuk).
[118] *(Ossewa-Brandwag), Die Ossewa-Brandwag: vanwaar en waarheen?*, p. 46.
[119] Vergelyk *Die O.B., 1.9.1943.*
[120] (Ossewa-Brandwag), *Iets oor die Ossewa-Brandwag*, p. 74.
[121] *(Ossewa-Brandwag), Die Ossewa-Brandwag: vanwaar en waarheen?*, pp. 19-20
[122] *Die O.B.*, 7.8.1946
[123] *Die O.B.*, 15.3.1944 (Dienslaerstuk).
[124] S. du Toit, "Calvinisme: oorsprong en waarborg van ons konstitusionele vryhede" in *Koers* 10(10, Aug. 1942, pp. 1-8 en "Die houding van die Calvinis in die huidige wêreldkrisis" in *Koers* dl. 12(1), Aug. 1944, pp. 2-12.
[125] P.J.S. de Klerk, "Verflouing van grense" in *Koers*, 10(2), Okt. 1942, pp. 68-71.
[126] Du Toit, "Die houding van die Calvinis in die huidige wêreldkrisis" in *Koers*, 12(1).
[127] C.J.H. de Wet, "Vreemde gedagtes" (ongepubliseerde stuk in die Ferdinand Postmabiblioteek, Potchefstroom).
[128] P. de Klerk, *Die ideologie van die Ossewa-Brandwag*, pp. 9-14.
[129] Kyk onder meer J.J. Haywood, *Die Her. Nas. Party of Volksparty se Christelike Nasionale Republiek en die O.B. se Christelike gesagstaat*, asook hoofartikels en berigte in *Die Burger*, 26.6.1942, 3.9.1942, 18.5.1943,



16.2.1944, 28.10.1944, 14.3.1945, 17.5.1945; *Die Transvaler*, 12.9.1941, 29.10.1941, 29.10.1941, 30.11.1942, 27.8.1942, 30.10.1942, 13.7.1946.
[130] 'n Uitsondering is die kritiek van S. du Toit, P.J.S. de Klerk en C.J.H. de Wet, hierbo genoem.
[131] Kyk byvoorbeeld *The Star*, 8.4.1940, 17.1.1941 en 17.9.1941.
[132] Hierdie aangeleentheid word in 'n dieptestudie, as uitvloeisel van die RGN-projek, verder ondersoek.